b13791515

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

University Free State
34300000148274
Universiteit Vrystaat

# Persoonlikheid as voorspeller van doeltreffende portuurhulpverlening

deur

Francois Jacobus Grobler

Skripsie voorgelê ter vervulling van
die vereistes vir die graad

M. Soc. Sc.
(Voorligtingsielkunde)

in die

Geesteswetenskappe
(Departement Sielkunde)

aan die

Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Studieleier: Dr. K.G.F. Esterhuyse

Bloemfontein Mei 1999

DIE FINANSIËLE STEUN VAN DIE SENTRUM VIR NAVORSINGS ONTWIKKELING VIR HIERDIE STUDIE WORD HIERMEE ERKEN. OPINIES EN GEVOLGTREKKINGS VAN HIERDIE STUDIE IS DIÉ VAN DIE OUTEUR EN DRA NIE NOODWENDIG DIE GOEDKEURING VAN DIE SENTRUM VIR NAVORSINGS ONTWIKKELING NIE.

# Bedankings

Graag betuig ek my dank teenoor die volgende persone:

- Karel Esterhuyse, my studieleier vir sy harde werk onder groot druk.
- My vrou vir haar liefde, bystand en ondersteuning, sonder haar sou hierdie werk nie moontlik gewees het nie.
- My ouers vir hul ondersteuning, liefde en groot taak om my op te voed.
- Die Hoërskool Sand du Plessis, in bestonder Mev. Smit vir haar hulp en bystand met die uitvoering van die projek.
- Die leerders wat opgelei is, vir hul getrouheid en entoesiasme. Dankie vir alles wat ek by julle kon leer.
- Die personeel van die Inter-biblioteekdiens vir die baie moeite wat hulle vir my gedoen het met die opsporing van die bronne.
- Madine Swart vir haar bydra tot my professionele opleiding en die geleentheid om met portuurhulpverlening kennis te maak.
- Mev Fourie vir haar baie moeite en geduld met my.
- My skepper vir krag van bo in tye van beproewing.

# Inhoudsopgawe — Bladsy

Lys van tabelle 4

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 Belangrikheid van portuurhulpverlening 5

1.2 Historiese agtergrond 7

1.3 Doel van die studie 8

1.4 Keuring 9

1.5 Uitleg van die studie 9

HOOFSTUK 2

DEFINISIE VAN PORTUURHULPVERLENING

2.1 Inleiding 11

2.2 Definisie van portuurhulpverlening 11

2.3 Teoretiese fundering van portuurhulpverlening 17

2.4 Twee modelle van portuurhulpverlening 19

2.5 Voordele van 'n portuurhulpverleningsprogram 22
- 2.5.1 Portuurhulpverleners 22
- 2.5.2 Portuurgroep 23
- 2.5.3 Gemeenskap 24

2.6 Risiko's van 'n portuurhulpverleningsprogram 24

2.7 Vaardighede wat portuurhulpverleners kan aanleer 26

2.8 Die portuurhulpverlener as deel van die paraprofessionele span 28

2.9 Slot 32

## HOOFSTUK 3

## KEURING VAN PORTUURHULPVERLENERS


**3.1 Inleiding** 33

**3.2 Die belangrikheid van keuring** 33
3.2.1 Doeltreffendheid 34
3.2.2 Uitskakeling van risiko's 34
3.2.3 Praktiese oorwegings 34

**3.3 Drie benaderings tot keuring** 35

**3.4 Keuringskriteria** 36
3.4.1 Die rol van portuurhulpverleners 37
3.4.2 Eienskappe van doeltreffende portuurhulpverleners 41

**3.5 Slot** 43


## HOOFSTUK 4

## DOELTREFFENDHEID VAN PORTUURHULPVERLENERS EN -PROGRAMME


**4.1 Inleiding** 44

**4.2 Kritiek teen portuurhulpverleningsprogramme** 44

**4.3 Doeltreffendheidstudies** 45
4.3.1 Die doeltreffendheid van portuurhulpverlening in skole 45
4.3.2 Die doeltreffendheid van portuurhulpverlening aan universiteite 47
4.3.3 Die doeltreffendheid van portuurhulpverlening in die gemeenskap 48

**4.4 Moontlike redes vir die doeltreffendheid van portuurhulpverlening** 49

**4.5 Slot** 50


## HOOFSTUK 5

## METODOLOGIE


**5.1 Inleiding** 52

**5.2 Die samestelling van die ondersoekgroep** 52

**5.3 Metodes van data-insameling** 53
5.3.1 Die Hoërskool Persoonlikheidvraelys (HSPV) 53

5.3.1.1 Agtergrond 54
5.3.1.2 Faktore 55
5.3.1.3 Geldigheid van die HSPV 58
5.3.1.4 Betroubaarheid van die HSPV 58
5.3.2 Onderhoud 59

**5.4 Evaluering van doeltreffendheid 60**

**5.5 Insameling van data 62**

**5.6 Navorsingshipotese 62**

**5.7 Statistiese metodes 63**

**5.8 Slot 65**

HOOFSTUK 6

RESULTATE

**6.1 Inleiding 66**

**6.2 Beskrywende statistiek van die voorspellerveranderlikes 66**

**6.3 Regressie-analise 68**
6.3.1 Voorspelling van gekeurde portuurhulpverleners 69
6.3.2 Voorspelling van portuurhulpverlenerdoeltreffendheid 74

**6.4 Slot 79**

HOOFSTUK 7

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

**7.1 Inleiding 80**

**7.2 Samevatting 80**

**7.3 Gevolgtrekkings van die studie 83**
7.3.1 Keuring van portuurhulpverleners 83
7.3.2 Doeltreffendheid van portuurhulpverleners 84

**7.4 Aanbevelings 85**

**7.5 Slot 87**

**Bronnelys** 88

Opsomming 93

Summary 94

Key words 95

## Lys van Tabelle

| | | |
|---|---|---|
| Tabel 2.1: | 'n Grafiese voorstelling om die verskil tussen professionele en paraprofessionele persone aan te dui. | 30 |
| Tabel 6.1: | Beskrywende statistiek van gekeurde en ongekeurde portuurhulpverleners rakende 13 van die HSPV faktore. | 67 |
| Tabel 6.2: | Pearson-produkmoment-korrelasiekoëffisiënte en punt-biseriaal koëffisiënte vir keuring | 70 |
| Tabel 6.3: | Resultate van die stapsgewyse meervoudige logistiese regressie-ontleding vir die voorspelling van gekeurde portuurhulpverleners. | 71 |
| Tabel 6.4 | Pearson-produkmoment-korrelasiekoëffisiënte vir doeltreffendheid. | 75 |
| Tabel 6.5: | Resultate van die stapsgewyse meervoudige regressie vir die voorspelling van portuurhulpverlenerdoeltreffendheid | 76 |

# Hoofstuk 1

## Inleiding

### 1.1 Belangrikheid van portuurhulpverlening

Onderwysers in Suid-Afrika werk tans in die huidige omstandighede onder groot druk. Lede van onderwyserunies verlaat selfs samesprekings met die regering aangesien die owerhede weier om die afdanking van 20 000 tydelike onderwysers te heroorweeg (Blignaut, 1998). Onderwysers is dus met rede bekommerd oor werksekuriteit en vind dit gevolglik baie moeilik of selfs totaal onmoontlik om voldoende aandag aan kinders se persoonlike behoeftes en probleme te gee.

Met die tekort aan handboeke, die toename in dwelm- en seksuele misbruik en die swak matriekslaagsyfer (Cape Times, 1998), is dit beslis nie net die onderwysers wat aan moeilike omstandighede in die openbare onderwyssektor blootgestel word nie. Skoliere verkeer eweneens onder groot druk.

Benewens die probleme in die onderwys en normale adolessente ontwikkelingstake, verhoed ook die verbrokkeling van die gesinstruktuur, dwelmmisbruik, geweld, onvoldoende gesondheidsorg, werkloosheid, seksueel oordraagbare siektes en vele meer, volgens Schondel, Boehm, Rose en Marlowe (1995) dat adolessente vanuit alle sosio-ekonomiese klasse gesonde hanteringsmeganismes kan ontwikkel.

Met die huidige finansiële en mannekragkrisis in die onderwys, is dit nodig om koste-effektiewe en doeltreffende metodes te ondersoek om aan die adolessente se persoonlike behoeftes te voldoen. Riessman (1982) noem dat portuurhulpverlening

met rasse skrede toeneem in tye wanneer hulpbronne beperk, maar die nood hoog is. Terwyl die regering tans fondse in die onderwys besnoei, mag gevind word dat daar toenemende belangstelling in die selfhelpbeweging voorkom, waarvan portuurhulpverlening deel vorm (Lyons, 1983). Alhoewel Lyons hierdie stelling in 1983 met betrekking tot Amerikaanse omstandighede gemaak het, kan dit eweneens op die huidige omstandighede in Suid-Afrika van toepassing wees.

In Suid-Afrika is daar tans, soos hierbo aangetoon, 'n verskeidenheid van krisisse in die onderwys, waarvan die geldelike krisis maar slegs een is. 'n Toename word ook ondervind in die aktiwiteite wat met portuurhulpverlening geassosieer word. De Jager (1998) meld dat die term "peer helping" of portuurhulpverlening relatief onbekend of ongebruik was voor 1995. Sedert 1995 was daar egter 'n groot poging deur die Port Elizabeth Technikon regering om portuurhulpverlening in Suid Afrika te bevorder. Die Technikon het deelgeneem aan 'n projek, gefinansier deur 'n Kanadese regeringsorganisasie; waartydens belanghebbendes uit die gemeenskap en Technikonpersoneel na tersiêre instansies in Kanada gestuur is om die moontlikheid van portuurhulpprogramme te ondersoek. Tydens 'n tweede fase van die projek is 'n studentevoorligter oorgestuur om opgelei te word as opleier van portuurhulpverleneropleiers (De Jager, 1998).

Die gevolg van hierdie inisiatief was dat die Kanadese opleidingsmodel vir portuurhulpverleners in die Oos-Kaap-streek geïmplementeer is. Hierdie suksesvolle toepassing van die program is gevolg deur 'n landswye opleiding in en implementering van die program aan 'n aantal tersiêre inrigtings in Suid-Afrika. Vandag is daar 'n beduidende getal universiteite en technikons waar goed gevestigde portuurhulpverleningsprogramme bestaan (De Jager, 1998).

Vir doeleindes van hierdie ondersoek word die term portuurhulpverlening gebruik soos deur De Rosenroll (1994, p4) gedefinieer, naamlik:

Peer helping is an umbrella term used to describe community-based and sanctioned programs where volunteers receive appropriate training and supervision so that, on formal and informal occasions, they can directly and indirectly offer assistance in a variety of ways to people who based on mutually perceived and situationally-defined similarities would refer to themselves as 'peers'.

In hoofstuk twee volg 'n samevattende bespreking van die definisie van portuurhulpverlening.

## 1.2 Historiese agtergrond

Die ontstaan van portuurhulpverlening kan teruggespoor word na die laat agtiende en vroeë negentiende eeu met die ontstaan van die terapeutiese filosofie en benadering wat deur Hobbs (1964) geïdentifiseer is as die eerste van drie psigiese gesondheidsrevolusies. Hobbs noem hierdie terapeutiese filosofie en benadering die morele behandeling. Hy koppel name soos Pinel, Tuke, Benjamin Rush en Dorothea Lind Dix aan hierdie tydperk. Die tweede revolusie is deur Sigmund Freud in Weenen begin. Hierdie revolusie het meer op die intrapsigiese lewe gefokus (Giddan & Austin, 1982). Die laaste revolusie is veroorsaak deur die gemeenskapsgesondheidsmodel. Orford (1992) noem dat die essensiële eienskap van die gemeenskapsgesondheidsmodel die feit is dat daar nie groot verskille, soos ouderdomsgapings en kultuurverskille, moet bestaan tussen die persoon wat die hulp verleen en die persone wat die hulp ontvang nie.

Die persoonsgesentreerde benaderings van Rogers, sowel as Skinner se behaviorisitese benadering het, tesame met die gemeenskapsgebaseerde benadering, op 'n direkte en indirekte manier 'n bydrae gemaak tot die ontstaan van die

paraprofessionele portuurhulpverlenersbeweging (Giddan & Austin, 1982). Bogenoemde twee benaderings beklemtoon dat terapeutiese hulp gemeet kan word, aangeleer kan word en spesifiek moet wees. Hierdie beginsels stel die moontlikheid daar om paraprofessionele persone met die nodige vaardighede toe te rus om hulle in staat te stel om hulp te verleen aan persone wat hulle gelykes is.

Die eerste gedokumenteerde gebruik van paraprofessionele beraders word deur Giddan en Austin (1982) beskryf. Studente het aan die "Companion Programs" in psigiatriese hospitale deelgeneem. Hierdie program is in 1954 deur die Harvard Universiteit by die Metropolitan Staatshospitaal geïmplementeer.

D'Andrea en Salovey (1983) noem dat daar sedert 1960 toenemend van portuurhulpverleners gebruik gemaak word. Bogenoemde outeurs is verder ook van mening dat portuurhulpverleners persone wat deur alledaagse irritasies gehinder word, net so doeltreffend kan help soos wat professionele persone dit kan doen.

## 1.3 Doel van die studie

Blain en Brusko (1985) het aangedui dat persoonlikheidseienskappe soos vriendelikheid, warmte, verantwoordelikheid, bereidwilligheid om by ander betrokke te raak en tyd af te staan, sowel as die gewilligheid om leiding te neem, kenmerkend van suksesvolle portuurhulpverleners is. Die doel van die ondersoek is tweërlei van aard, naamlik:

i) Om te bepaal of persoonlikheidsfaktore, soos gemeet deur die Hoërskool Persoonlikheidsvraelys (HSPV), gebruik kan word om tussen gekeurde en ongekeurde portuurhulpverleners op hoërskool te onderskei.

ii) Om te bepaal of die doeltreffendheid van gekeurde portuurhulpverleners op hoërskool met behulp van persoonlikheidsfaktore, soos gemeet deur die HSPV, voorspel kan word.

## 1.4 Keuring

Vir die sukses van 'n portuurhulpverleningprogram is dit van die uiterste belang dat die leerders wat aan die program deelneem, aan sekere basiese vereistes moet voldoen. Hierdie vereistes word volledig in hoofstuk 3 bespreek. Om te verseker dat die portuurhulpverleners wel aan hierdie vereistes voldoen en 'n hoë standaard handhaaf, moet daar 'n sorgvuldige proses van keuring toegepas word. Die keuringsproses sal later in meer besonderhede beskryf word.

Namate portuurhulpverleningsprogramme meer gewild raak, mag meer leerders hulself beskikbaar stel om as portuurhulpverleners opgelei te word. Aangesien slegs 'n beperkte aantal portuurhulpverleners suksesvol deur een opleier hanteer kan word, gaan 'n doeltreffende keuringsproses in die toekoms essensieel wees.

## 1.5 Uitleg van die studie

Hoofstuk 2 handel oor die teoretiese begronding van die konsep portuurhulpverlening. In hierdie hoofstuk word daar aandag gegee aan die definisie van portuurhulpverlening, die rol van portuurhulpverleners in verskillende situasies en portuurhulpverleners as deel van die paraprofessionele span.

Hoofstuk 3 bespreek sekere aspekte rakende die keuring van portuurhulpverleners. Daar word kortliks verwys na kriteria vir keuring en die redes waarom die keuringsmodel voorgestel word.

Die vierde hoofstuk handel oor die doeltreffendheid van portuurhulpverlening. Hierdie hoofstuk verwys kortliks na moontlike faktore wat 'n rol kan speel in die toepassing van 'n suksesvolle portuurhulpverleningsprogram.

In hoofstuk 5 word die metodologie van die studie bespreek. Die samestelling van die steekproef en die meetinstrument word in besonderhede bespreek. Die operasionalisering van die datainsameling- en verwerkingsprosesse word bespreek en die navorsingshipoteses word gestel.

In hoofstuk 6 word die resultate van die studie bespreek en die resultate van die statistiese verwerking van die data word in tabelvorm weergegee. In hoofstuk 7 word die gevolgtrekkings wat vanuit die studie gemaak kan word, bespreek en sekere aanbevelings vir verdere studies word gemaak.

# Hoofstuk 2

## Definisie van portuurhulpverlening

### 2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word daar gepoog om 'n omvattende definisie van portuurhulpverlening saam te stel. Verskeie outeurs se sienings word bespreek. Aandag word ook gegee aan die twee modelle waarin portuurhulpverleningsprogramme, volgens Blain en Brusko (1985), verdeel kan word, waarna sekere van die voor- en nadele van die programme aangespreek word. Laastens word die posisie van portuurhulpverleners binne die geestesgesondheidsraamwerk kortliks toegelig.

### 2.2 Definisie van portuurhulpverlening

De Rosenroll (1994) noem dat formele portuurhulpverlening oor die afgelope vyf-en-twintig jaar aansienlik toegeneem het. Gedurende dié tydperk het die begrip van wie portuurhulpverleners eintlik is en hoe hulle ander kan help, ook gereeld verander. Daar het dus 'n verskeidenheid van definisies wat verskeie aspekte van portuurhulpverlening beklemtoon, ontstaan.

Carr (1984) wys in 'n algemene omskrywing daarop dat portuurhulpverlening 'n manier is waardeur studente leer hoe om vir ander om te gee en hierdie besorgdheid op 'n praktiese manier aan te wend. In 'n studie wat deur Diver-Stamnes (1991)

onderneem is, word die term portuurhulpverlening beskryf as die hulp wat leerders aan hulle eie ouderdomsgroep of jonger leerders verleen in 'n poging om persoonlike of sosiale probleme op te los. Hierdie twee beskrywings van portuurhulpverlening, is taamlik eenvoudig en raak nie werklik die kompleksiteit van die term aan nie. Die definisies wys egter tog op belangrike aspekte van portuurhulpverlening, naamlik die praktiese aard van 'n verhouding en dat hulp met die oplos van sekere probleme aan lede van dieselfde portuurgroep verleen word.

Carr en Saunders in De Jager (1995, p.3) noem, as deel van 'n omsigtelike omskrywing, 'n verdere belangrike aspek, naamlik die opleiding en supervisie van die portuurhulpverleners:

> Peer helping is a learning situation in which students listen to and help facilitate the growth and development of other students. That is, it is a process in which trained and supervised students offer listening, support and alternatives, but little or no advice to other students.

Hierdie omskrywing beklemtoon die feit dat portuurhulpverlening 'n leersituasie is, waarin opgeleide studente gefasiliteer word deur 'n supervisor. Die opleiding en supervisie is inderdaad belangrike aspekte in portuurhulpverlening. D'Andrea en Salovey (1983, p.3) se definisie lê meer klem op die vaardighede en kennis waarin portuurhulpverleners opgelei word:

> Peer counseling is the use of active listening and problem-solving skills, along with knowledge about human growth and mental health, to counsel people who are our peers - peers in age, status, and knowledge.

Met bogenoemde definisie beklemtoon D'Andrea en Salovey (1983) dat portuurhulpverlening sowel 'n metode as 'n filosofie is. Portuurhulpverlening kan as 'n metode beskou word weens die aard van die aktiwiteit. Daar is sekere stappe,

reëls en vaardighede wat metodies toegepas kan word. Portuurhulpverlening is egter ook 'n filosofie in die lig van die basiese aanname dat mense oor die algemeen hulle eie probleme wat hulle in die alledaagse lewe ervaar, kan oplos indien hulle net die geleentheid daartoe gegee word. Hierdie definisie verwys na sekere kennis wat die portuurhulpverleners gebruik om die hulpverlening te fasiliteer. Dit impliseer opleiding en sluit dus aan by Carr en Saunders se definisie (in De Jager, 1995).

De Rosenroll (1994) bespreek vyf dimensies van portuurhulpverlening. Hy noem dat 'n operasionele definisie van portuurhulpverlening 'n raamwerk moet voorsien vir die verskeidenheid rigtings en benaderings wat deur hedendaagse portuurhulpverleningsprogramme verteenwoordig word. Volgens hierdie navorser moet die definisie inligting verskaf wat sal aandui watter eienskappe die verskillende programme bevat, asook hoe die programme aan mekaar verwant is. Die operasionele definisie moet vir opstellers van programme as maatstaf dien om relevante veranderinge en evaluasies ten opsigte van hul programme te maak.

Die operasionele definisie waarna De Rosenroll (1994, p.4) verwys, is:

> Peer helping is an umbrella term used to describe community-based and sanctioned programs where volunteers receive appropriate training and supervision so that, on formal and informal occasions, they can directly and indirectly offer assistance in a variety of ways to people who based on mutually perceived and situationally-defined similarities would refer to themselves as 'peers'.

Die eerste aspek van die definisie wat uitgelig kan word, is die feit dat portuurhulpverlening 'n sambreelterm is. De Rosenroll (1994) noem verder dat die term "portuurhulpverlener" verwys na 'n portuurgroeplid wat portuurgroeplede help. Ander begrippe wat gebruik word om bogenoemde term te beskryf is, onder

andere, portuurvoorligter, portuurfasiliteerder, portuurmentor, portuurtutor, natuurlike hulpverlener, portuurpatroleerder en portuurgroeplid.

Die tweede aspek van die definisie wat bespreek word, is die drie partye wat by portuurhulpverlening betrokke is (De Rosenroll, 1994). Die eerste twee partye is voor-die-handliggend, naamlik die portuurhulpverleners en die portuurgroep wat gehelp word. Volgens die definisie van De Rosenroll is 'n derde party, naamlik die gemeenskap waarbinne die portuurhulpverleners en die portuurgroep hulself bevind, ook ter sprake. Hierdie gemeenskap kan 'n fisiese omgewing wees, soos 'n skool of 'n organisasie, maar kan ook verwys na 'n groep mense met dieselfde belange, ervarings of met gemeenskaplikhede, soos byvoorbeeld mense in dieselfde professie of 'n groep alkoholiste wat hulself rehabiliteer. Die gemeenskap word direk of indirek deur die probleme van die portuurgroep beïnvloed. Portuurhulpverlening kan die gemeenskap op ekonomiese, sosiale en emosionele gebiede beïnvloed.

Die derde aspek van De Rosenroll (1994) se definisie beklemtoon die aard van die interaksie wat tussen bogenoemde partye plaasvind. Hierdie interaksie kan formeel of informeel van aard wees. Formele interaksies vind plaas wanneer die portuurhulpverleners in gemeenskapsgesanksioneerde hulpverleningsaksies betrokke raak. Weeklikse groepe om tieners met drankprobleme van hulp te wees, is 'n voorbeeld hiervan. Informele interaksies vind buite hierdie formele gestruktureerde pogings van die gemeenskap plaas. 'n Portuurhulpverlener se vriend noem byvoorbeeld dat hy bekommerd is oor sy skoolwerk en die portuurhulpverlener kan daarmee help.

Vierdens kan die kwessie van direkte en indirekte hulpverlening uit De Rosenroll (1994) se definisie aangespreek word. Direkte hulpverlening kom voor waar die portuurhulpverleners baie sigbaar in die gemeenskap is. Hulpverlening op 'n een tot een basis is 'n voorbeeld van direkte hulpverlening. Indirekte hulpverlening kom

voor wanneer die portuurhulpverleners agter die skerms werk om hulp aan die gemeenskap te verleen. Die portuurhulpverleners word dus nie direk deur die portuurgroep of deur die gemeenskap waargeneem nie. 'n Voorbeeld van indirekte hulpverlening is wanneer die portuurhulpverleners 'n gasspreker reël om 'n onderwerp wat vir die gemeenskap van belang is, te bespreek. Op 'n soortgelyke wyse kan diegene wat hulp ontvang dikwels minder sigbaar wees omdat 'n mens soms nie seker is oor wie (in die gehoor) inderdaad gehelp is nie.

Laastens verwys die definisie van De Rosenroll (1994) na sekere situasionele en perseptuele dimensies. Hy noem dat 'n woordeboekdefinisie portuurgroeplede as gelykes beskou. Hierdie gelykheid behels egter meer as net die gelykheid soos geïmpliseer deur dieselfde ouderdom, geslag, sosio-ekonomiese status en bevolkingsgroep. Die lede in die hulpverleningsverhouding moet, vir die duur van die portuurhulpverleningsverhouding, mekaar as gelykes beskou. Beide persone in die portuurverhouding moet die ander ag as 'n persoon met 'n gelyke hoeveelheid mag ten opsigte van sekere spesifieke areas van hul lewens. Indien die een die ander as iemand met meer of minder mag ten opsigte van die betrokke area sien, bestaan daar nie 'n portuurverhouding nie. Hulp mag moontlik in so 'n geval verleen word, maar dit is nie portuurhulpverlening nie.

Hierdie aanname van De Rosenroll (1994), wat die waargenome gelykheid van mag impliseer, word verder deur Diver-Stamnes (1991) ondersteun. Laasgenoemde outeur het selfs jonger mense as portuurhulpverleners in ouetehuise gebruik. Ter ondersteuning van hierdie standpunt het Giddan en Austin (1982) aangevoer dat daar nie noodwendig aangeneem kan word dat ooreenkomste in lewenstyl en houdings verhoogde empatie by hulpverleners veroorsaak nie. Volgens De Rosenroll se definisie kan hulp wat deur persone aan individue verleen word wat nie aan dieselfde portuurgroep as hulle behoort nie, wel as portuurhulpverlening beskou word wanneer " . . . they will assign 'peerness' to the most appropriate and accessible individuals " (De Rosenroll, p.4).

De Rosenroll (1994) voer dus aan dat daar na al bogenoemde aspekte verwys moet word in 'n operasionele definisie van portuurhulpverlening. Die aspekte kan kortliks soos volg opgesom word:

- Potuurhulpverlening is 'n sambreelterm.
- Die rolspelers in portuurhulpverlening bestaan uit portuurgroeplede wat help, die portuurgroep wat gehelp word en die gemeenskap waarin hulle hulself bevind.
- Portuurhulpverlening kan uit formele en informele interaksie bestaan.
- Die hulpverlening kan direk of indirek verleen word.
- Verskillende situasionele of perseptuele dimensies speel 'n rol in portuurhulpverlening.

Ter afsluiting van hierdie afdeling oor die definisie van portuurhulpverlening kan kortliks genoem word dat portuurhulpverlening . . .

. . . 'n sambreelterm is (De Rosenroll, 1994)

. . . 'n omgee-verhouding is waarin daar verskillende rolspelers is (Carr, 1984)

. . . hulp is wat verleen word aan leerders deur 'n groep van hul eie ouderdom, status en vlak van kennis (D'Andrea & Salovey, 1983; Diver-Stamnes, 1991)

. . . 'n leersituasie is waar mensekennis opgedoen word (Carr & Saunders in De Jager, 1995)

. . . 'n situasie is waar persoonlike groei en ontwikkeling plaasvind (De Jager, 1995)

. . . 'n situasie is waar persone, opgelei in spesifieke, relevante vaardighede, ander help (Carr & Saunders in De Jager, 1995; D'Andrea & Salovey, 1983; De Rosenroll, 1994)

Daar sal nou voortgegaan word om die teoretiese fundering van portuurhulpverlening te bespreek.

## 2.3 Teoretiese fundering van portuurhulpverlening

Gedurende 1981 lewer Dr. Ray Carr 'n voordrag aan die 'National Consultation on Vocational Counselling' genaamd 'Theory and practice of peer counselling' (Carr, 1984). Hierdie voordrag word later deur verskeie tydskrifte en organisasies gepubliseer en word as 'n kerndokument vir die bestudering van portuurhulpverlening beskou. In hierdie voordrag noem Carr nege aspekte rakende die teoretiese fundering van portuurhulpverlening, wat vervolgens kortliks bespreek word.

Die eerste is die feit dat slegs 'n klein persentasie van leerders vrywillig na 'n voorligter of sielkundige by die skool gaan. Die meeste van die kinders steun op maats as ondersteuningbron tydens 'n krisis. Sommige leerders lewer dus reeds 'n diens aan hulle maats en moet net die nodige vaardighede aangeleer word om hulle portuurgroep beter te help.

Die tweede aspek is gegrond op die aard van die hulpverleningsverhouding. Die basiese vaardighede wat nodig is vir 'n suksesvolle hulpverleningsverhouding kan deur leerders van feitlik enige ouderdom aangeleer word.

Derdens noem Carr dat die vestiging en instandhouding van vriendskappe een van die vyf groot bekommernisse by alle leerders is. Hierdie feit rugsteun die volgende aspek van portuurhulpverlening, naamlik dat vriende dikwels die bron van groot vreugde, maar ook groot pyn kan wees. Portuurhulpverleners kan dus 'n vriend wees asook iemand wat luister.

Die vierde aspek berus op twee beginsels van die voorkomingsmodel vir geestesgesondheid. Daar word eerstens op die ondersteuning van die studente klem gelê, byvoorbeeld 'n akademiese tutor wat gelyktydig leerders emosioneel en akademies ondersteun deur middel van tutorklasse asook deur aandag te gee aan hul gevoel van onbekwaamheid. Die tweede beginsel konsentreer op die vermindering van destruktiewe faktore in die omgewing, byvoorbeeld die skepping van 'n sorgsame omgewing.

Die vyfde aspek spreek die behoeftes wat leerders ervaar aan, wat onder andere bevoegdheid, intelligensie, verantwoordelike rolvertolking en 'n goeie selfbeeld insluit.

Carr noem dat die adolessente se ontwikkelingstake 'n groot rol speel in die sesde aspek van portuurhulpverlening. Outonomiteit is een van die adolessent se groot behoeftes, maar die meeste volwassenes sien adolessente as 'n homogene groep wat deur negatiewe groepsdruk oorheers word. Carr (1984) noem egter dat dit nie noodwendig die geval is nie en dat die rol van groepsdruk deur meeste volwassenes oorskat word.

Die sewende aspek waarop portuurhulpverlening volgens Carr berus, is die rol van portuurtutors. Die outeur noem dat lede van die portuurgroep gebruik kan word om 'n verhoging in akademiese prestasie en selfbeeld by hul maats te bewerkstellig.

Die stigting van selfhelpgroepe vorm volgens Carr die agste aspek van portuurhulpverlening. Die outeur voer aan dat die stigting van hierdie groepe 'n aanduiding is dat daar 'n behoefte by sekere persone bestaan wat nie deur die formele hulp, soos die van onderwysers of sielkundiges, ondervang word nie.

Die belangrikheid van selfhelpgroepe kom juis na vore in die laaste van die nege aspekte naamlik die onvoldoende mannekrag en geldelike hulpbronne wat

beskikbaar is om kinders se groeiende behoeftes aan te spreek. Soos reeds in die voorafgaande hoofstuk genoem is, bevestig Riessman (1992) dat portuurhulpverlening vinnig uitbrei wanneer hulpbronne beperk is. Carr noem dat portuurhulpverlening bestaande dienste aanvul sodat professionele persone meer aandag en tyd aan die ernstige gevalle kan gee.

Nadat kortliks verwys is na die oorspronklike fundering van portuurhulpverlening deur Carr, het verdere ontwikkeling mettertyd plaasgevind. Hierdie ontwikkeling konsentreer hoofsaaklik op twee modelle wat vervolgens in meer besonderhede bespreek sal word.

## 2.4 Twee modelle van portuurhulpverlening

Portuurhulpverlening kan in 'n groot verskeidenheid situasies toegepas word. Situasies waar 'n tienerportuurgroep voorkom en die groeplede probleme ondervind, is veral geskik vir groeplede om mekaar te help (Carr, 1984).

Die situasie waarin die portuurhulpverleningsprogramme voorkom, is volgens Blain en Brusko (1985) een van die bepalende faktore vir die indeling van die programme in een van twee moontlike modelle, wat onderskeidelik as die oop en geslote modelle bekend staan. Die aard en doelwitte van die portuurhulpverleningsprogram is 'n ander faktor wat die indeling in die twee modelle bepaal.

Die portuurhulpverleningsprogram kan een van twee moontlike doelwitte nastreef, wat nie noodwendig onderling uitsluitend is nie (Blain & Brusko, 1985). Die eerste van hierdie doelwitte is om hulp aan die portuurhulpverleners self te verleen. Die tweede doelwit is om primêr hulp aan ander persone in die gemeenskap te lewer.

Indien die portuurhulpverleners die teiken van die intervensie is, word daar na die geslote model verwys. Die selektering van die lede vir groepe in die geslote model vind plaas op die basis van 'n gemeenskaplike ontwikkelingsprobleem wat hulle moontlik mag ervaar. Die portuurhulpverleningsprogram vir die geslote model is van sodanige aard dat die lede tydens geskeduleerde groepsbyeenkomste ontmoet. Die groeplede word dus opgelei om hulself te help om die ontwikkelingsprobleme wat hulle ervaar, die hoof te bied.

Die geslote model se groepsbyeenkomste neem dikwels die vorm van groepsterapie aan (Tyler, 1982). Hierdie byeenkomste verskil egter van gewone groepsterapie in die sin dat die lede mekaar help en nie net van die supervisor afhanklik is nie. Minder klem word ook op die interpretasie van gevoelens en interaksie van die lede gelê. Groeplede wat sekere eienskappe openbaar, kan later ook as groepleiers opgelei word.

Volgens De Rosenroll (1994) se definisie van portuurhulpverlening, sal die geslote model meer geleentheid bied vir formele interaksie tussen die partye wat by die hulpverlening betrokke is. Moontlike voorbeelde van hierdie model is 'n groep tieners wat met dwelmprobleme sukkel, 'n Alkoholiste Anoniem-groep of 'n groep middeljarige huisvroue wat byeenkom om gemeenskaplike probleme te bespreek.

In teenstelling met die geslote model, is die doelwit van die oop model primêr om hulp aan ander persone in die gemeenskap te verleen deur die portuurhulpverleners beskikbaar te stel (Blain & Brusko, 1985). Die groepslede word gewoonlik gekies om portuurhulpverleners te word omdat hulle oor sekere interpersoonlike vaardighede beskik. Hierdie vaardighede stel hulle in staat om na ander te luister. Sommige lede van die portuurgroep kan op hierdie manier beter bereik word as wat professionele persone, wat buite die portuurgroep staan, hulle moontlik sal kan bereik.

Indien De Rosenroll (1994) se definisie van portuurhulpverlening hier toegepas word, sal hierdie model meer geleentheid vir informele interaksies tussen die betrokke partye skep. Voorbeelde van hierdie model is 'n portuurhulpverleningsprogram by 'n skool of universiteit, of 'n verskeidenheid van traumalyne. By krisislyne word daar gewoonlik hulp verleen aan persone wat 'n telefoonoproep maak na 'n ander persoon. Die persone wat die oproepe beantwoord, is gewoonlik vrywilligers wat opleiding ontvang. Die vrywilligers het soms dieselfde of soortgelyke omstandighede ervaar as die persoon wat die oproep maak, of is opgelei om 'n persoon in daardie omstandigheid te hanteer. Voorbeelde van hierdie dienste is Gesinslyn, of "Die Bevrienders".

Enersyds is die behoeftes van die gemeenskap, en andersyds die belangstellings en opleiding van die persoon wat die supervisie en opleiding van die portuurhulpverleners behartig, volgens Blain en Brusko (1985) die bepalende stel faktore in 'n keuse van watter van hierdie twee modelle die geskikste sal wees. Indien die leerders wat bereik moet word sosiaal geïsoleerd is, oor min sosiale vaardighede beskik of gereeld gespot word, beveel Blain en Brusko (1985) aan dat die oop model gekies word vir die implementering van die program. In dié model word daar klem gelê op die aanleer van terapeutiese vaardighede. Indien die leerders wat deur die program bereik moet word abnormale ontwikkelingsprobleme ervaar, mag die geslote model verkieslik wees.

Die keuse tussen die oop en geslote modelle kan afhang van die toesighouer se opleiding en belangstelling in groepsterapie. Indien daar geen opleiding of belangstelling in groepsterapie is nie, sal die oop model moontlik die beste keuse wees. Die keuse ten gunste van die oop model bo die geslote model kan verder bepaal word deur die bevrediging wat die supervisor daaruit put om die groter gemeenskap indirek behulpsaam te wees. Indien die supervisor egter daarin belangstel om by 'n kleiner groep 'n direkte verandering teweeg te bring, deur onder

'n Verdere voordeel vir die portuurhulpverleners is dat hulle die vaardighede wat gedurende die opleiding aangeleer word, na ander lewensituasies kan oordra (D'Andrea & Salovey, 1983; Lyons, 1983). Interpersoonlike, sosiale en hanteringsvaardighede kan met groot gemak in alle omstandighede van die alledaagse lewe toegepas word. Hanteringsvaardighede kan kognitiewe, intrapsigiese meganismes asook gedrag insluit, en help om omgewingsituasies sowel as interne, emosionele en ontwikkelingskwessies te hanteer. Die verworwe vaardighede word dus nie net tot die portuurhulpverleningsomgewing beperk nie.

D'Andrea en Salovey (1983) noem dat portuurhulpverleners, na die deelname aan die program, verhoogde selfkennis en selfvertroue getoon het. Volgens bogenoemde navorsers noem die hulpverleners dat die deelname aan die program as 'n belangrike deel van hul oorgang van jeug na volwassenheid beskou kan word.

### 2.5.2 Portuurgroep

Die opleidingsprogramme bied ook die persone wat daaraan deelneem die geleentheid om interafhanklikheid aan te leer, te beoefen en te waardeer (Lyons, 1983). Interafhanklikheid verwys na die web van sosiale netwerke waar lede mekaar help, ondersteun en bemoedig. Hierdie interafhanklikheid word egter nie net tot die portuurhulpverleners beperk nie, maar het ook betrekking op die portuurgroep wat die portuurhulpverleners bedien. Die portuurgroep is dus die tweede groep wat uit portuurhulpverleningsprogramme voordeel trek. Die programme gee dus aan alle persone, beide die portuurhulpverleners en die portuurgroep, die geleentheid om meer as bloot net onafhanklik te raak. Daar word die geleentheid geskep om werklik interafhanklik te funksioneer.

Die portuurgroep is die werklike teikengroep van oop portuurhulpverleningsprogramme. Indien die portuurgroep nie voordeel uit die program trek nie, is die program nie werklik 'n portuurhulpverleningsprogram nie (Blain & Brusko, 1985). Die mees voor-die-hand liggende voordeel wat die

'n Verdere voordeel vir die portuurhulpverleners is dat hulle die vaardighede wat gedurende die opleiding aangeleer word, na ander lewensituasies kan oordra (D'Andrea & Salovey, 1983; Lyons, 1983). Interpersoonlike, sosiale en hanteringsvaardighede kan met groot gemak in alle omstandighede van die alledaagse lewe toegepas word. Hanteringsvaardighede kan kognitiewe, intrapsigiese meganismes asook gedrag insluit, en help om omgewingsituasies sowel as interne, emosionele en ontwikkelingskwessies te hanteer. Die verworwe vaardighede word dus nie net tot die portuurhulpverleningsomgewing beperk nie.

D'Andrea en Salovey (1983) noem dat portuurhulpverleners, na die deelname aan die program, verhoogde selfkennis en selfvertroue getoon het. Volgens bogenoemde navorsers noem die hulpverleners dat die deelname aan die program as 'n belangrike deel van hul oorgang van jeug na volwassenheid beskou kan word.

### 2.5.2 Portuurgroep

Die opleidingsprogramme bied ook die persone wat daaraan deelneem die geleentheid om interafhanklikheid aan te leer, te beoefen en te waardeer (Lyons, 1983). Interafhanklikheid verwys na die web van sosiale netwerke waar lede mekaar help, ondersteun en bemoedig. Hierdie interafhanklikheid word egter nie net tot die portuurhulpverleners beperk nie, maar het ook betrekking op die portuurgroep wat die portuurhulpverleners bedien. Die portuurgroep is dus die tweede groep wat uit portuurhulpverleningsprogramme voordeel trek. Die programme gee dus aan alle persone, beide die portuurhulpverleners en die portuurgroep, die geleentheid om meer as bloot net onafhanklik te raak. Daar word die geleentheid geskep om werklik interafhanklik te funksioneer.

Die portuurgroep is die werklike teikengroep van oop portuurhulpverleningsprogramme. Indien die portuurgroep nie voordeel uit die program trek nie, is die program nie werklik 'n portuurhulpverleningsprogram nie (Blain & Brusko, 1985). Die mees voor-die-hand liggende voordeel wat die

portuurgroep uit die program ontvang, is waarskynlik die hulp met alledaagse probleme wat hulle van die portuurhulpverleners ontvang.

### 2.5.3 Gemeenskap

Die laaste groep wat by die voordele van die portuurhulpverleningsprogramme baat vind, is die gemeenskap. 'n Gevoel van lojaliteit is een vir die voordele wat die gemeenskap waarin die portuurhulpverleningsprogram aangebied word, mag ervaar. Indien die lede van die gemeenskap leer om mekaar te help, word gemeenskaplike verantwoordelikheid vir hulle probleme aanvaar. Die lede van die gemeenskap beywer hulle om saam die probleme op te los en wat weer 'n sin van eienaarskap met gevolglike lojaliteit in die gemeenskap bevorder. Lyons (1983) asook D'Andrea en Salovey (1983) beklemtoon hierdie punt deur te noem dat hierdie lojaliteit wat deur die gemeenskap ervaar word voordelig is, omdat dit gemeenskaplike hulpverlening en oordra van inligting bevorder.

Portuurhulpverleningsprogramme hou nie slegs voordele in nie. Daar is ook risiko's wat aangespreek behoort te word.

## 2.6 Risiko's van 'n portuurhulpverleningsprogram

Om aan te neem dat die portuurhulpverleningsprogramme sonder enige risiko's aangebied kan word, sou naïef en selfs onverstandig wees. Die redakteur van Peer Counsellor Journal (Carr, 1998) het in sy redaksionele artikel 'n geval bespreek waar twee tienerseuns met geen vorige geskiedenis van geweld nie, beplan het om die skoolgronde te verlaat, wapens te steel en meisies van die skool gevange te hou. Voordat hulle dit egter kon doen, moes hulle eers ontslae raak van 'n nuwe leerling by die skool wat aan hulle toegewys was as deel van die skool se portuur-

oriënteringsprogram. Die twee seuns was bang dat die nuwe leerling hulle planne sou belemmer en neem hom toe na 'n nabygeleë woud waar hulle hom 'n steekwond toedien en laat doodbloei. Die twee seuns, geskok deur die moord, sien toe af van hulle soektog na vuurwapens en keer na die skool terug, waar hulle skuld aan die moord erken. Albei het lewenslange tronkstraf ontvang vir hulle oortreding. Die ouers van die vermoorde seun wou 'n hofsaak teen die skool instel vir die "wrongfull death" van hul seun.

Daar is dus ook risiko's aan portuurhulpverleners wat nie geïgnoreer kan word nie. Die risiko's kan onder andere die volgende insluit. Die portuurhulpverlener se eie bekommernis word vererger deur die addisionele bemoeienis met 'n ander persoon se probleme. 'n Tweede risiko mag moontlik wees dat hulp wat aan ander gebied word vir sommige portuurhulpverleners bloot 'n spel kan wees wat hulle speel, hulle besef dus moontlik nie die erns van die situasie nie. 'n Verdere risiko is dat die portuurhulpverleners die portuurgroep kan uitbuit deur die vertroulike inligting wat hulle bekom, te misbruik (Gruver, 1971).

In 'n studie onderneem deur Bonar (1982) word 'n probleem aangeraak wat op die huidige studie betrekking het. Die probleem wat bogenoemde navorser ondervind het, is dat die meeste van die portuurhulpverleners na twee jaar afgestudeer het. Hulle was dus nie meer deel van die gemeenskap waarin hulle opgelei is nie, wat 'n hoë omset van portuurhulpverleners meegebring het. In die huidige studie word daar van graad 11- en 12-leerlinge gebruik gemaak. Die probleem is dus ook dat die portuurhulpverleners na 'n jaar of twee die skool verlaat.

'n Ander probleem wat in die huidige studie ondervind is, is dat dit moeilik was om die program te bemark. Die leerders in die skool was aan die begin onseker van presies wat die program behels. 'n Sekere tydperk het verloop voordat die leerders in die skool geloof in die program ontwikkel het. Daar is verskeie vergaderings gehou om die portuurhulpverleningsprogram aan die totale skool bekend te stel.

Bogenoemde risiko's kan oorkom word deur goeie opleiding, sorgvuldige beplanning, doeltreffende bemarking en deur sekere van die basiese veiligheidsmeganismes wat in portuurhulpverleningsprogram ingebou is, na te kom (Carr, 1998). Een van die veiligheidsmeganismes van 'n portuurhulpverleningsprogram is keuring. Sommige van die risiko's van die program kan deur doeltreffende keuring beperk word.

Een van die probleme wat deur keuring aangespreek word, is dié van portuurhulpverleners wat, weens hul eie probleme, nie ander se probleme kan hanteer nie. In sodanige geval kan kandidate gekies word wat wel gesonde persoonlike interaksies het. Nog 'n probleem wat effektief deur keuring ondervang kan word, is die geloofwaardigheid van die portuurhulpverleners. Kandidate wat geloofwaardigheid in die skool geniet, kan by die program ingesluit word. Selfs die blote feit dat keuring plaasvind, verleen geloofwaardigheid aan die program.

In bogenoemde afdeling is die voordele en sekere risiko's van portuurhulpverleningsprogramme bespreek. Vervolgens sal die vaardighede wat portuurhulpverleners kan aanleer asook hoe hulle deel van 'n paraprofessionele span kan vorm, bespreek word.

## 2.7 Vaardighede wat portuurhulpverleners kan aanleer

Spesifieke eienskappe alleen maak nie 'n goeie portuurhulpverlener nie, daarom is dit volledigheidshalwe nodig om aandag te skenk aan die vaardighede wat die portuurhulpverleners kan aanleer.

'n Doeltreffende portuurhulpverleningsprogram sluit die aanleer van die volgende vaardighede in:

Nie-verbale kommunikasie (Blain & Brusko, 1985; Carr & Saunders in De Jager, 1995)
Struikelblokke in effektiewe kommunikasie (Carr & Saunders in De Jager, 1995)
Luistervaardighede (Carr & Saunders in De Jager, 1995; Diver-Stamnes, 1991)
Empatie (Carr & Saunders in De Jager, 1995)
Waardes (Blain & Brusko, 1985; Carr & Saunders in De Jager, 1995)
Selfonthulling (Carr & Saunders in De Jager, 1995)
Terugvoer (Carr & Saunders in De Jager, 1995)
Probleem oplossing (Blain & Brusko, 1985; Carr & Saunders in De Jager, 1995)
Besluitneming (Blain & Brusko, 1985; Carr & Saunders in De Jager, 1995)
Aandag gee vaardighede (D'Andrea & Salovey, 1983)
Vraagstelling (Carr & Saunders in De Jager, 1995; D'Andrea & Salovey, 1983; Diver-Stamnes, 1991)
Parafrasering (D'Andrea & Salovey, 1983)
Werk met gevoelens (D'Andrea & Salovey, 1983)
Opsommingsvaardighede (D'Andrea & Salovey, 1983; Diver-Stamnes, 1991)
Krisisberading (D'Andrea & Salovey, 1983)
Hantering van depressie (D'Andrea & Salovey, 1983)
Selfmoordvoorkoming (Blain & Brusko, 1985; D'Andrea & Salovey, 1983; Diver-Stamnes, 1991)
Hantering van dwelms en alkohol (Blain & Brusko, 1985; Diver-Stamnes, 1991)
Gesinsprobleme (Diver-Stamnes, 1991)
Hantering van groepsdruk (Diver-Stamnes, 1991)
Streshantering (Diver-Stamnes, 1991)
Selfhandhawing (Diver-Stamnes, 1991)
Vertroue (Diver-Stamnes, 1991)
Vertroulikheid (Carr & Saunders in De Jager, 1995; Diver-Stamnes, 1991)
Kommunikasievaardighede (Diver-Stamnes, 1991)

Raadgewing teenoor hulpverlening (Blain & Brusko, 1985)
Etiese vraagstukke (Blain & Brusko, 1985; Carr & Saunders in De Jager, 1995)
Verwysingsvaardighede (Carr & Saunders in De Jager, 1995)
Waardeverheldering (Carr & Saunders in De Jager, 1995)

Dit is egter nie prakties moontlik om al bogenoemde vaardighede in een kursus in te sluit nie. Die gemeenskap waarin die portuurhulpverleningsprogram aangebied word, bepaal watter vaardighede aangeleer moet word. Om hierdie bespreking van portuurhulpverlening af te sluit, word daar nou verwys na die portuurhulpverlener se posisie binne die geestesgesondheidsdienste.

## 2.8 Die portuurhulpverlener as deel van die paraprofessionele span

Om die posisie van portuurhulpverlening binne die raamwerk van geestesgesondheidsdienste te definieer, word die verband tussen portuurhulpverlening en professionele en paraprofessionele dienslewering in hierdie afdeling bespreek. Die konsep van paraprofessionele dienslewering het in die middel sewentigerjare en vroeë tagtigerjare ontstaan. Die meeste van die bronne wat in hierdie gedeelte van die studie gebruik word, dateer dus uit daardie era.

Geestesgesondheidsdienslewering kan breedweg, met verwysing na die persone wat die werk verrig, in twee afdelings verdeel word, naamlik professionele en paraprofessionele dienste (Giddan & Austin, 1982). Volgens laasgenoemde twee outeurs is dit moeilik om die term paraprofessionele persoon duidelik te definieer, of konsensus daaroor te bereik. Nogtans noem hulle dat die term "paraprofessionele persoon" gebruik word om 'n portuurhulpverlener, helper, ondersteunende personeel, geestesgesondheidswerker, vrywilliger, paramediese personeellid en

ander persone in soortgelyke situasies te beskryf. Dit is dus geen maklike taak om te besluit wie die titel van paraprofessioneel verdien en wie nie. 'n Paraprofessionele persoon is volgens Giddan en Austin (1982) 'n persoon sonder uitgebreide professionele opleiding, wat spesifiek gekies en opgelei word om sekere take van die professionele persoon onder laasgenoemde se supervisie te verrig.

Bykomend hiertoe is die paraprofessionele persoon gewoonlik werksaam in die aktiwiteite van 'n agentskap, buro of gemeenskapsorganisasie. Hierdie persone verrig gewoonlik take wat bepaal word deur spesifieke aangeleerde vaardighede. Die paraprofessionele persoon is gewoonlik 'n lid van die groep wat bedien word en ontvang gewoonlik een of ander vorm van vergoeding, maar nie 'n salaris nie (Delworth, Sherwood & Casaburri, 1974).

Buchanan (1982) verwys na 'n paraprofessionele persoon as 'n tipe berader wat 'n "nuwe" soort diens lewer en wat in "nuwe" situasies gevind kan word. Hierdie nuwe soort beraders verwys na 'n verskeidenheid van persone wat minder opleiding en ondervinding het as die persone wat in die tradisionele professionele beroepe in die geestesgesondheid, soos byvoorbeeld sielkunde en psigiatrie, staan. Die dienste waarna verwys word, is onder andere berading in krisishantering, aborsie en dwelms. Nuwe situasies waarin paraprofessionele beraders voorkom, is uitreiksentrums, telefoonhulplyne en gemeenskapsdienssentrums. Die verskille tussen die professionele en paraprofessionele persone word in Tabel 2.1 opgesom.

**Tabel 2.1: 'n Grafiese voorstelling om die verskil tussen professionele en paraprofessionele persone aan te dui.**

Geestesgesondheidswerkers

| | | |
|---|---|---|
| **Tipe dienslewering** | Paraprofessioneel | Professioneel |
| **Persoon of liggaam verantwoordelik vir die toepassing van etiese reëls** | Direkte supervisie deur professionele persoon | Beherende liggaam bv. RGBSA, Beroepsraad vir sielkunde |
| **Vlak van opleiding** | Opleiding deur professionele persoon | Formele Universiteits-opleiding |
| **Beperkinge** | Beperk deur aangeleerde vaardighede | Beperk deur professionele formele opleiding |
| **Lidmaatskap van groep wat bedien word** | Verkieslik | Nie 'n vereiste nie |
| **Voorbeelde van beroepe of benamings** | Portuurhulpverlener, Helper, Vrywilliger, Paramediese Personeellid | Sielkundiges, Psigiaters, Maatskaplike werkers |

Om hierdie gedeelte oor die paraprofessionele span af te sluit, word daar kortliks verwys na die reaksie van die professionele gemeenskap op die werk van die paraprofessionele persone.

Brown (1974) noem dat daar twee moontlike reaksies teenoor paraprofessionele deur professionele persone kan wees. Hy noem dat sommige professionele persone van mening is dat paraprofessionele persone maklik hulle eie persoonlike probleme op die van die hulpontvangers kan projekteer, of dat die paraprofessionele persoon die hulpverleningsverhouding mag misbruik. Hierdie optrede van die paraprofessionele persoon mag die kliënte baie skade berokken. Daar word dus aangevoer dat professionele persone sekere meganismes van kontrole oor paraprofessionele persone moet stel wat dienslewering, asook standaarde en doeltreffendheid kan beheer.

Ander professionele persone is van mening dat hulle jarelange studie asook akademiese eksamens met hoë vereistes geslaag het ten einde professionele status te bereik, net om nou vertel te word dat iemand sonder enige formele opleiding hulle werk ewe goed, en moontlik selfs beter kan doen (Brown, 1974). In hoofstuk 4 word verder na hierdie punt van kritiek verwys.

Daar bestaan egter 'n groeiende groep professionele persone wat voel dat die paraprofessionele persoon 'n belangrike aanvullende rol kan speel in die groeiende vraag na geestesgesondheidsdienste. Hierdie professionele persone handhaaf dus 'n openheid en buigsame houding (Brown, 1974; Myrick, Highland & Sabella, 1995)

## 2.9 Slot

In hierdie hoofstuk is aandag gegee aan die definisie van portuurhulpverlening, waar verskeie outeurs se menings ten opsigte van wat portuurhulpverlening is, met mekaar vergelyk is. Samevattend kan genoem word dat portuurhulpverlening 'n sambreelterm is, wat gebruik word om 'n omgeeverhouding te beskryf waarin leerders hulp aan medeleerders van hul eie ouderdom en status verleen. Verder is portuurhulpverlening 'n leersituasie waar verskillende vaardighede aangeleer word en persoonlike groei en ontwikkeling plaasvind.

Daar is verder verwys na twee modelle van portuurhulpverlening, naamlik die oop- en die geslote model. Die verskille tussen die twee modelle is aangetoon, asook kriteria aan die hand waarvan 'n keuse tussen die twee gemaak kan word. Vir die huidige studie is die oop model gekies.

Sekere implementeringsmoontlikhede van portuurhulpverleningsprogramme is ook in hierdie hoofstuk aangeraak. Portuurberaders en verwysingsagente is as voorbeelde van die implementeringsmoontlikhede in hierdie studie gebruik. Die voordele sowel as die risiko's van portuurhulpverleningsprogramme is bespreek. Laastens is daar 'n poging aangewend om portuurhulpverlening binne die raamwerk van die totale geestesgesondheidsdienste te plaas.

In die volgende hoofstuk sal die keuring van die portuurhulpverleners aangeraak word.

# Hoofstuk 3
# Keuring van portuurhulpverleners

## 3.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk handel oor die belangrikheid van keuring van die portuurhulpverleners in 'n portuurhulpverleningsprogram. Eerstens word daar verwys na die redes waarom keuring belangrik is. Verder word drie benaderings tot die keuringsproses bespreek.

Die hoofstuk word afgesluit deur die kriteria wat by die keuring van portuurhulpverleners ter sake is, te bespreek. Ten opsigte van hierdie kriteria is daar veral twee belangrike aspekte, naamlik die rol van die portuurhulpverlener en die eienskappe van 'n doeltreffende portuurhulpverlener wat in meer besonderhede bespreek sal word.

## 3.2 Die belangrikheid van keuring

Verskeie redes kan vir die noodsaaklikheid van keuring van portuurhulpverleners aangevoer word. Wat hierdie redes aanbetref, sal daar kortliks na drie aspekte, naamlik doeltreffendheid, uitskakeling van risiko's en sekere praktiese oorwegings verwys word.

### 3.2.1 Doeltreffendheid

Delworth en Moore (1974) noem dat die akkurate keuring van vrywilligers die sleutel tot 'n doeltreffende opleidingsprogram is. Die Peer Resources Network (1990) noem keuring as 'n belangrike faktor in een van die brosjures oor portuurhulpverlening. Daar word aangevoer dat dit 'n risiko is om portuurhulpverleners as vrywilligers vir opleiding te aanvaar sonder dat hulle aan 'n keuringsproses onderwerp is.

### 3.2.2 Uitskakeling van risiko's

'n Verdere rede vir die noodsaaklikheid van keuring vloei voort uit die moontlike risiko's verbonde aan die loods van 'n portuurhulpverleningsprogram. Hierdie risiko's is in die vorige hoofstuk bespreek. Doeltreffende keuring kan dus gebruik word om die nadele van 'n portuurhulpverleningsprogram te verminder (Gruver, 1971).

### 3.2.3 Praktiese oorwegings

Wat die huidige studie betref, was daar sommige praktiese oorwegings wat keuring genoodsaak het. Een van die sterkste oorwegings was die groot aantal vrywilligers wat met die aanvang van die portuurhulpverleningsprogram bereid was om aan die program deel te neem. Aangesien daar ongeveer twee maal die hoeveelheid wat die opleier kon hanteer was, moes die mees geskikte kandidate vir die opleiding uit die groep gekies word.

Noudat die belangrikheid van die keuringsproses beklemtoon is, sal daar oorgegaan word na die bespreking van verskillende benaderings tot keuring.

## 3.3 Drie benaderings tot keuring

Uit 'n oorsig van die literatuur oor portuurhulpverlening noem Frenza (1985) drie moontlike benaderings tot keuring. Hierdie benaderings sal vervolgens bespreek word.

Volgens die eerste benadering bepaal die kandidate se potensiaal om by die opleiding baat te vind, hul geskiktheid as portuurhulpverleners (Frenza, 1985). Hierdie benadering laat gewoonlik alle vrywilligers tot die opleiding toe. Die vrywilligers word voor die aanvang van opleiding getoets om 'n basis telling vir elke individu te bepaal. Vervolgens word slegs 'n klein gedeelte van die totale opleiding voltooi met hierdie groep. Na dié gedeelte van die opleiding word kandidate weer getoets. Slegs kandidate wat verbetering, in vergelyking met hulle eerste toetsresultate, toon word tot die portuurhulpverleningsprogram toegelaat. Die rasionaal van hierdie keuringsbenadering is dat die vrywilligers wat positief op 'n klein gedeelte van die opleiding reageer, ook by die totale opleiding sal baat.

'n Tweede tot benadering wat keuring gevolg kan word, is dié van selfseleksie, waar feitlik alle vrywilligers toegelaat word om aan die opleiding deel te neem (Frenza, 1985). Daar word slegs 'n onderhoud met alle vrywilligers gevoer om diegene wat emosioneel onstabiel is, uit te skakel. Soms word daar van 'n baie strawwe opleidingsprogram gebruik gemaak ten einde diegene wat nie voldoende gemotiveerd is nie, te ontmoedig.

Die laaste keuringsbenadering wat gevolg kan word, is deur die vrywilligers se persoonlike eienskappe met dié van doeltreffende portuurhulpverlener te vergelyk (Frenza, 1985). Bonar (1982) noem in aansluiting hierby dat portuurhulpverleners geselekteer kan word op grond van agtergrond en ervaring in berading. Die rasionaal van hierdie benadering is dat, indien 'n persoon wat reeds oor die eienskappe van 'n doeltreffende portuurhulpverlener beskik uit die gemeenskap

gekies word, die kanse goed sal wees dat daardie persoon die rol van 'n portuurhulpverlener doeltreffend kan vertolk.

Vir die doeleindes van hierdie studie is laasgenoemde benadering tot keuring gevolg. Die portuurhulpverleners is dus gekeur op grond van sekere persoonlike eienskappe waaroor hulle beskik. Hierdie eienskappe word in die volgende afdeling toegelig.

## 3.4 Keuringskriteria

Myrick et al. (1995) noem dat sommige onderwysers aanvaar dat akademies suksesvolle studente ook doeltreffende helpers is. Dit is egter nie altyd die geval nie. Benewens akademiese kriteria, is daar dus ander kriteria vir keuring nodig.

In hierdie studie is portuurhulpverleners op grond van hul persoonlike eienskappe gekeur om aan die portuurhulpverleningsprogram deel te neem. In hierdie benadering word sekere eienskappe van die vrywilligers vergelyk met die eienskappe van doeltreffende portuurhulpverleners. Voordat hierdie benadering egter gevolg kan word, is dit noodsaaklik om die eienskappe van doeltreffende portuurhulpverleners te identifiseer. Die eienskappe van doeltreffende portuurhulpverleners as keuringskriteria word dus vervolgens bespreek.

Verskillende situasies waarin portuurhulpverleners aangewend word, stel verskillende eise aan hulle. Dit is dus moeilik om een universele profiel van 'n doeltreffende portuurhulpverlener saam te stel. Wanneer die rol van die portuurhulpverlener byvoorbeeld sou wees om akademiese ondersteuning te verleen, sal die akademiese prestasie van die vrywilliger 'n belangrike keuringskriterium wees. Indien die rol egter sou wees om 'n

dwelmbewusmakingsveldtog in 'n gemeenskap te loods, sal die vrywilliger se akademiese prestasie moontlik van minder belang wees.

Dit is dus duidelik dat die rol wat die portuurhulpverleners moet vertolk van kardinale belang in die bepaling van die keuringskriteria is. Die rol van die portuurhulpverleners word vervolgens bespreek, waarna die eienskappe van doeltreffende portuurhulpverleners aan die beurt kom. Die laaste afdeling sal gewy word aan die vaardighede wat deur portuurhulpverleners aangeleer kan word.

### 3.4.1 Die rol van portuurhulpverleners

Portuurhulpverleners se rol word bepaal deur die gemeenskap waarin die diens verrig word se behoeftes, sowel as die tipe opleiding wat gegee word (Blain & Brusko, 1985).

Giddan en Austin (1982) noem dat daar vier rolle is wat deur paraprofessionele persone as portuurhulpverleners vertolk kan word. Die eerste is dié van 'n assistent vir die professionele geestesgesondheidwerker. In die verlede was die rol van die assistent bloot administratief en as hulp met roetinetake, maar die klem skuif al meer na die toepassing van ervaring om ander te help.

Die tweede sleutelrol wat Giddan en Austin (1982) noem, is dié van oorbruggingsagent. 'n Doeltreffende paraprofessionele persoon dien as 'n skakel tussen die professionele persoon en die kliënte wat dikwels vanuit 'n ander ouderdomsgroep, etniese groep en lewenstyl kom.

Die portuurhulpverleners kan derdens as 'n agent van sosiale verandering dien (Giddan & Austin, 1982). Die portuurhulpverleners wat hierdie rol vertolk, is byvoorbeeld betrokke by 'n gemeenskapsentrum waar 'n verskeidenheid dienste gelewer word. Aangesien die portuurhulpverleners in die gemeenskap woonagtig

is, kan hulle 'n integrasie van die gemeenskapsdienste teweegbring. Die integrasie kom voor wanneer die portuurhulpverleners help om programme aan te bied wat op die oplossing van die gemeenskap se probleme gemik is. Hierdie probleemoplossing kan tot die verandering in die sosiale konteks van die gemeenskap lei.

Die laaste van die sleutelrolle waarna Giddan en Austin (1982) verwys, is die rol waardeur portuurhulpverleners dit vir die bestuur moontlik maak om in beheer van 'n verskeidenheid projekte te bly. Die beheer wat die bestuur oor hulpverleners uitoefen, maak beheer oor die program moontlik.

Portuurhulpverleners kan verder as portuurtutors optree, waar lede uit die portuurgroep ander help om akademiese en sosiale vaardighede aan te leer (Peer Resources Network, 1990; Scott, Cully & Weissberg, 1995). Die portuurhulpverleners kan byvoorbeeld gebruik word as assistente in 'n kursus om die leesvaardighede van leerders te verbeter wat deur 'n skool aangebied word.

'n Verwante rol wat deur portuurhulpverleners vertolk kan word, is dié van akademiese assistente. Hierdie studente is met akademiese beplanning en doelstellings behulpsaam (Peer Resources Network, 1990; Scott et al. , 1995). 'n Voorbeeld van hierdie rol sal wees waar studente ander studente met die registrasieproses help of hulp met die keuse van vakke en sekere studierigtings aanbied.

Alhoewel die rolle van akademiese assistente en die portuurtutors baie nou verwant is, en soms deur dieselfde persone beklee kan word, lê die grootste verskil in die doelwitte van die verskillende rolle. Die portuurtutors het dit ten doel om die portuurgroep sekere vaardighede aan te leer wat gewoonlik, maar nie uitsluitlik nie, tot 'n spesifieke vakgebied beperk is. Hulle sal byvoorbeeld leerders help met wiskundetutoriale. Daarteenoor is 'n doelwit van die akademiese assistent om te

verseker dat sekere akademiese reëls en regulasies nagekom word deur die portuurgroep te fasiliteer in die beplanning van doelwitte.

Jong skoolgaande kinders kan as portuurhulpverleners in 'n "buddy"-sisteem gebruik word. In die "buddy"-sisteem maak jonger kinders van dieselfde beginsel gebruik as ouer kinders wat as oriëntasiegidse optree. In laasgenoemde geval word kinders wat hul skool ken, gebruik om nuwe kinders te help om die oorgang na die nuwe skool te vergemaklik (Peer Resources Network, 1990; Scott et al. , 1995). Oriëntasiegidse is nie net beperk tot die skoolgemeenskap nie. Enige gemeenskap, hetsy maatskappye, kerkgroepe of gemeenskapsgroepe kan van portuurhulpverleners as oriëntasiegidse gebruik maak.

Portuurhulpverleners kan ook in die rol van besprekingsgroepleiers gebruik word. Hierdie rol behels dat die portuurhulpverleners 'n gesaghebbende help om onderwerpe van belang met adolessente te bespreek (Peer Resources Network, 1990; Scott et al. , 1995). Indien 'n program byvoorbeeld aangebied word om leerders in 'n skool van satanisme bewus te maak, kan portuurhulpverleners in die rol van besprekingsgroepleiers gebruik word.

By skole en universiteite kan portuurhulpverleners nuttig aangewend word in die rol van beroepsassistente (Peer Resources Network, 1990). Dit taak van 'n beroepsassistent is om die leerders van die skool of universiteit te help met die neem van beroepsbesluite en die benutting van beskikbare beroepskeusehulpbronne.

Portuurhulpverleners kan binne enige gemeenskap die rol van spesiale projekassistente vervul (Peer Resources Network, 1990). Hulle kan byvoorbeeld behulpsaam wees met die beplanning en koördinering van projekte wat tot voordeel van die gemeenskap kan strek.

Portuurhulpverleners kan verder as verwysingsagente gebruik word. Hierdie rol behels dat persone wat hulp soek na die regte spesialis verwys word (Peer Resources Network, 1990). Tyler (1982) noem portuurhulpverleners wat hierdie rol vervul konsultante. 'n Portuurhulpverlener kan byvoorbeeld 'n persoon in sy portuurgroep help om te onderskei tussen inligting, psigoanalise of emosionele ondersteuning as die beste metode om probleme op te los. Die portuurhulpverleners moet dus slegs die hulpsoeker bystaan om die probleem te identifiseer en daarna na 'n spesialis te verwys indien dit nodig blyk te wees. Gewoonlik word die nodige inligting en opleiding aan die hulpverleners gegee ten einde hulle vir hierdie taak te bekwaam.

Portuurberading is nog 'n taak wat portuurhulpverleners kan verrig. In hierdie geval help hulle ander studente om persoonlike of emosionele probleme op te los. Hulle verleen verder praktiese hulp rakende die oplossing van probleme (Peer Resources Network, 1990).

Portuurhulpverleners kan ook as konflikhanteerders optree. In hierdie rol staan hulle ander leerders in die oplossing van geskille by (Nor, Tait & Winfield, 1996; Peer Resources Network, 1990). Indien geskille byvoorbeeld gereeld tussen leerders in 'n skool ontstaan, kan 'n groep leerders uit dieselfde skool opgelei word om die konflik op te los.

Portuurhulpverleners kan verder as portuuropvoeders optree. Dit behels dat ander met die inwin van sekere belangrike gesondheids- en sosiale inligting bygestaan word (Peer Resources Network, 1990). Hulle kan byvoorbeeld basiese voorligting oor voorbehoedmiddels aan die pasiënte by 'n mediese kliniek oordra.

Portuurhulpverleners kan ook as rolmodelle optree (Peer Resources Network, 1990). Deur die voorbeeld van hul eie gedrag, kan ander gehelp word om gepaste gedragswyses aan te leer.

Portuurhulpverleners kan by uitreikingswerk in die gemeenskap betrokke wees om algemene probleme, soos eensaamheid, te help oplos. (Peer Resources Network, 1990). In hierdie rol kan die portuurhulpverleners byvoorbeeld by 'n gemeenskapsentrum vir hawelose kinders werk.

Die portuurhulpverlener se taak is nie om ander se probleme op te los nie, maar om hulle by te staan om hulle eie oplossings te vind. Portuurhulpverleners gee nie aan die hulpontvangers raad of sê nie vir hulle wat om te doen nie, en daar word selde geïnterpreteer of gediagnoseer (D'Andrea & Salvovey, 1983).

Die portuurhulpverlener is nie 'n professionele sielkundige, psigiater, of maatskaplike werker nie, maar deur van kommunikasievaardighede gebruik te maak, help hulle die lede van hulle portuurgroep om onsekere gevoelens en gedagtes uit te klaar, sowel as om verskeie oplossings vir probleme te ondersoek (Peer Resources Network, 1990).

Wat die huidige studie aanbetref is veral daarop gefokus om die leerders as portuurberaders en verwysingsagente op te lei.

### 3.4.2 Eienskappe van doeltreffende portuurhulpverleners

'n Duidelike uiteensetting van die persoonlike eienskappe waaroor portuurhulpverleners behoort te beskik, sal die daarstel van seleksiekriteria vergemaklik.

Die kriteria wat in die literatuur voorkom, kan breedweg in drie groepe verdeel word. Die eerste groep beklemtoon die portuurhulpverleners se interaksie met persone aan wie die hulp verleen word. Die tweede groep het betrekking op die portuurhulpverleners se persoonlike vermoëns en belangstellings. Die derde groep kriteria fokus op die hulpverleners se houding teenoor die

portuurhulpverleningsprogram. 'n Uiteensetting van hierdie drie groepe kriteria volg.

### (i) Portuurhulpverleners se interaksie met persone aan wie hulp verleen word:

- 'n Opregte behoefte om 'n bydrae te maak tot ander se sosiale en persoonlike ontwikkeling (Giddan & Austin, 1982).
- 'n Sensitiwiteit vir ander se behoeftes (Tyler, 1982).
- Verantwoordelikheid en die tyd om by ander betrokke te raak (Blain & Brusko, 1985).
- Altruïsme (Diver-Stamnes, 1991).
- Die vermoë om 'n emosionele klimaat te skep wat groei tot gevolg kan hê (Giddan & Austin, 1982).

### (ii) Portuurhulpverleners se persoonlike vermoëns en belangstellings:

- 'n Sterk sin vir eie identiteit (Blain & Brusko, 1985).
- Openlikheid oor hulself (Tyler, 1982).
- Doeltreffende persoonlike aanpassing (Giddan & Austin, 1982).
- Doeltreffende kommunikasievaardighede (Giddan & Austin, 1982).
- Leierskapseienskappe (Giddan & Austin, 1982).
- 'n Humanistiese beskouing oor die lewe met eienskappe soos vriendelikheid, warmte, egtheid en empatie (Blain & Brusko, 1985).
- Die vermoë om eie ego-behoeftes opsy te skuif (Caputo, Weiler & Green, 1997).
- Sosiale vaardighede, aanvaarding van ander en die vermoë om goed met ander in die groep oor die weg te kom (Blain & Brusko, 1985).
- 'n Belangstelling daarin om ander te help of om 'n beroep in die hulpverleningsprofessies te volg (Blain & Brusko, 1985).

**(iii) Portuurhulpverleners se houding teenoor die portuurhulpverleningsprogram:**

- Om die program met die nodige erns aan te pak (Diver-Stamnes, 1991).
- Respek vir vertroulikheid (Caputo et al. , 1997).
- Die vermoë om by opleiding en supervisie baat te vind (Giddan & Austin, 1982).
- Belangstelling in portuurhulpverleningsaktiwiteite (Diver-Stamnes, 1991).

Na bestudering van die literatuur asook vorige ervaring met keuringspanele vir 'n portuurhulpverleningprogram is daar van die volgende kriteria vir hierdie studie gebruik gemaak: motivering vir deelname aan die studie, leierseienskappe, probleemoplossingsvaardighede, interpersoonlike verhoudings, verhouding met ouers, afwesigheid van persoonlike probleme, empatie en vertroulikheid. Die keuse van die kriteria is deur middel van 'n konsensus besluit van die persone betrokke by die keuringsonderhoud bepaal.

## 3.5 Slot

In hierdie hoofstuk is sekere aspekte van keuring bespreek. Die belangrikheid van keuring van vrywilligers wat vir die program aanmeld, is beklemtoon. Daar is verwys na drie moontlike benaderings wat gevolg kan word, naamlik die kandidate se respons op 'n gedeelte van die opleiding, selfseleksie en keuring op grond van persoonlike eienskappe.

Laasgenoemde benadering is gekies vir hierdie studie. Die keuringskriteria, wat deur hierdie benadering bepaal word, is kortliks genoem en aan die hand van die rol en eienskappe van 'n doeltreffende portuurhulpverlener bespreek. Vervolgens sal die teoretiese basis vir die doeltreffendheid van portuurhulpverleners bespreek word.

# Hoofstuk 4

## Doeltreffendheid van portuurhulpverleners en -programme

### 4.1 Inleiding

Onderwysers maak lank reeds van helpers in die klaskamer gebruik, wat gewoonlik min of geen opleiding gekry het (Myrick et al. , 1995). Soos reeds in hoofstuk 2 genoem, is daar kritiek ingebring teen die gebruik van paraprofessionele persone, waaronder portuurhulpverleners in hulpverleningsprofessies. Aangesien daar reeds in paragraaf 2.8 hieraan aandag gegee is, word hier slegs verwys na die kritiek wat op die doeltreffendheid van portuurhulpverleningsprogramme betrekking het.

### 4.2 Kritiek teen portuurhulpverleningsprogramme

Myrick et al. (1995) noem dat die aanvanklike bekendstelling van portuurhulpverleningsprogramme weerstand ontlok het. Besware wat geopper is, was onder andere dat die leerders meer kwaad as goed sou doen. Ander argumente wat geopper is, was dat ouers nie daarmee genoeë neem dat kinders ander kinders moet bystaan nie en dat onderwysers bang is vir geregtelike optrede teen die skole as gevolg van moontlike foute wat deur portuurhulpverleners gemaak kan word. Die grootste teenkanting het egter van die professionele persone in die velde van die onderwys, voorligting en sielkunde gekom.

Brown (1974) noem dat die reaksie op paraprofessionele bewegings, soos die portuurhulpverleningsprogramme, in twee hoofgroepe ingedeel kan word. Die

eerste groep beklemtoon die voordele daarvan om paraprofessionele persone, onder toesig, in verskeie aspekte van die voorligtingsproses te gebruik. Die tweede groep waarsku teen die verlaging van standaarde, asook die probleme rondom regsaanspreeklikheid wat sulke programme kan inhou.

Indien die portuurhulpverleningsprogramme egter doeltreffend is, en daar in gedagte gehou word dat die portuurhulpverleners nie die professionele persoon sal vervang nie (Myrick et al. , 1995), sal bogenoemde kritiek weerlê kan word. Daar word vervolgens na doeltreffendheidstudies verwys.

## 4.3 Doeltreffendheidstudies

Studies rakende die doeltreffendheid van portuurhulpverleningsprogramme is op verskeie ouderdomsgroepe en vlakke van die samelewing uitgevoer. (Christopher, Hansen & MacMillan, 1991; Nor et al. , 1996; Prince, 1995; Scott et al. , 1995) Hierdie aspek word van nader ondersoek deur doeltreffendheidstudies in skole, universiteite en die gemeenskap in die volgende afdelings te bespreek.

### 4.3.1 Die doeltreffendheid van portuurhulpverlening in skole

Scott et al. (1995) noem dat daar baie positiewe uitkomste is wanneer fasiliteerders met ander skoliere werk. Hierdie resultate is verkry deur vraelyste na 25 skole in 'n skooldistrik in Florida, VSA, te stuur om die doeltreffendheid van portuurhulpverleningsprogramme te bepaal. Van die positiewe uitkomste wat in bogenoemde navorsing gevind is, is onder andere dat die persone wat gehelp word, opgewonde en gemotiveerd oor die proses voel, en graag hierdie ervaring met ander wil deel. Die artikel word afgesluit deur te noem dat portuurhulpverleners 'n positiewe invloed op die lewe van ander kan uitoefen.

Portuurhulpverleningsprogramme kan ook doeltreffend in skole aangewend word waar aggressie en konflik aan die orde van die dag is. Nor et al. (1996) het bevind dat 'n program wat by die Walt Witman-skool aangebied is om geweld te bekamp, doeltreffend was. Die aantal skorsings in die skool het na afloop van die eerste jaar waartydens die program aangebied is, met 10 persent gedaal. Die aantal skorsings was in die vierde bestaansjaar van die program gemiddeld 15 per maand in teenstelling met die 27 per maand voordat die program ingestel is.

Portuurhulpverleningsprogramme kan ook suksesvol gebruik word om kinders wat sosiale isolasie ervaar, te help om sosiale en interpersoonlike vaardighede aan te leer (Christopher et al. , 1991). In 'n studie deur laasgenoemde outeurs is drie leerders, wat sosiale isolasie ervaar het, tussen die ouderdomme van sewe en agt jaar met 'n portuurhulpverlener van die dieselfde ouderdom, afgepaar. Die portuurhulpverleners het opleiding ontvang en het vir een van die twee pouses met die drie kinders in die ondersoek gespeel. Daar is bevind dat vaardighede wat die leerders binne hierdie verband aangeleer het, ook in ander situasies aangewend is. Die kinders kon dus sosiale en positiewe interpersoonlike vaardighede in ander situasies toepas, nie net in die opleidingsituasie nie.

Prince (1995) het 'n portuurhulpverleningsprogram aangebied om hoërskoolleerders te help om op te hou rook. Bogenoemde navorser het die verskil tussen twee aanbiedingsbenaderings ondersoek. Die een groep is deur portuurhulpverleners aangebied, en die ander deur volwassenes. In hierdie studie is bevind dat die portuurhulpverleners net so doeltreffend soos volwasse aanbieders was.

In 'n ander studie het Wassef, Mason, Collins, Van Haalen en Ingham (1998) die doeltreffendheid van portuurondersteuningsgroepe in 'n hoërskool oor 'n tydperk

van een jaar geëvalueer. Resultate van hierdie studie het aangetoon dat die program deur 'n groot aantal deelnemers aanvaar is, alhoewel twee derdes van die groeplede aan die begin ongemaklik in die groepe gevoel het. Daar was verder 'n afname in alkohol- en substansmisbruik by twee derdes van die deelnemers.

Die doeltreffendheidstudies is egter nie beperk tot die skoolsituasie nie. 'n Aantal studies wat op die positiewe effek van portuurhulpverlening dui, is op universiteitstudente uitgevoer (Poisson & Russel, 1990; Russel & Skinkle, 1990). Aangesien die universiteitspopulasie nie die teikenpopulasie van hierdie studie is nie, word daar slegs kortliks na 'n aantal studies verwys.

### 4.3.2 Die doeltreffendheid van portuurhulpverlening aan universiteite

Poisson en Russel (1990) noem dat baie universiteite portuurhulpverleningsprogramme aanbied. Daar is egter, volgens bogenoemde outeurs, 'n tekort aan navorsing om die doeltreffendheid van die programme te bepaal.

Russel en Skinkle (1990) het die doeltreffendheid ondersoek van portuurhulpverleners wat eerstejaarstudente se oorgang van skool na universiteit moes vergemaklik. Dit blyk uit die studie dat 'n beduidende impak op die eerstejaarstudente gemaak is. Eerstejaarstudente wat aan hierdie program deelgeneem het, het in vergelyking met studente wat nie aan die program deelgeneem het nie, getoon dat hulle hulself in 'n groter mate as deel van die universiteitsgemeenskap beskou het.

In 'n tweede studie het Poisson en Russel (1990) bevind dat portuurhulpverleners wat baie betrokke is by die opleidingsprogram, meer doeltreffend is as dié wat minder betrokke is.

Skole en universiteite is egter nie die enigste toepassingsareas van portuurhulpverleningsprogramme nie. Die programme kan ook in die breë gemeenskap toegepas word. Die doeltreffendheid van portuurhulpverlening in die gemeenskap word dus vervolgens bespreek.

### 4.3.3 Die doeltreffendheid van portuurhulpverlening in die gemeenskap

Giddan en Austin (1982) noem dat portuurhulpverleningsprogramme doeltreffend in 'n wye verskeidenheid van dienste in die gemeenskap is. Daar sal na 'n paar voorbeelde van navorsing op hierdie gebied verwys word.

Studies wat deur sowel Toseland, as verskeie mede-outeurs oor 'n aantal jare onderneem is, kan as voorbeeld dien (Toseland, Rossiter & Labrecque, 1989a; Toseland, Rossiter & Labrecque, 1989b; Toseland & Smith, 1990). In die eerste van hierdie studies (1989a) is daar gepoog om die doeltreffendheid van portuurhulpverleners te bepaal in 'n situasie waar familielede hulp aan bejaarde persone verleen. Die studie het die 58 proefpersone wat 'n familielid by die huis versorg het, ewekansig in drie groepe ingedeel. Die eerste groep is deur professionele terapeute ondersteun, die tweede groep deur portuurhulpverleners, terwyl die derde groep geen amptelike ondersteuning ontvang het nie en dus 'n kontrolegroep gevorm het. In hierdie studie is 'n statisties beduidende verskil tussen die kontrolegroep en die ander twee groepe aangetoon ten opsigte van aspekte soos die verhouding met die ouer wat versorg word en persoonlike bevoegdheid. Toseland en Smith (1990) voer aan dat portuurhulpverleningsprogramme op hierdie gebied 'n ekonomies lewensvatbare alternatief tot professionele hulpverlening is.

Farley en Akridge (1986) het 'n studie onderneem om die lewensvatbaarheid van 'n portuurhulpverleningsprogram in 'n rehabilitasiesentrum vir fisies gestremde persone te bepaal. As voorafstudie is 'n opleidingsprogram vir aspirant

portuurhulpverleners aangebied. Hulle het gevind dat die opgeleide portuurhulpverleners doeltreffende hulpverleningsvaardighede aangeleer het.

Fors en Jarvis (1995) het 'n studie uitgevoer in 'n gedeelte van die gemeenskap wat baie doeltreffend van portuurhulpverleningsprogramme gebruik kan maak. Hulle het die doeltreffendheid ondersoek van 'n program vir die voorkoming van substansmisbruik, wat vir wegloop- of straatkinders aangebied kan word. Daar is drie groepe gevorm en met mekaar vergelyk. Die eerste groep het volwasse aanbieders en die tweede groep portuurhulpverleners as aanbieders gehad, terwyl die derde 'n kontrolegroep was. Die resultate van die studie dui aan dat die groepe wat deur die portuurhulpverleners begelei is, aansienlik meer doeltreffend was as die groep met die volwasse aanbieders en die kontrolegroep. Die outeurs noem dat portuurhulpverleners 'n nuttige bydrae tot die oplossing van die straatkindprobleem kan maak.

Dit wil dus voorkom of portuurhulpverlening wel in verskillende populasies doeltreffend is. Die moontlike redes vir hierdie doeltreffendheid word vervolgens bespreek.

## 4.4 Moontlike redes vir die doeltreffendheid van portuurhulpverlening

Alhoewel die meeste van die studies slegs bepaal of portuurhulpverleningsprogramme doeltreffend is aldan nie, noem Brown (1974) in 'n gesaghebbende bron oor die doeltreffendheid van portuurhulpverlening 'n aantal redes waarom paraprofessionele persone doeltreffend is. Aangesien hierdie bron deur vele outeurs aangehaal word, word die vernaamste redes wat Brown aanraak, kortliks genoem.

Die eerste rede wat aangevoer word, is die selektering van paraprofessionele persone. Volgens Brown (1974) word paraprofessionele persone op 'n ander wyse as professionele persone gekeur. Professionele persone word dikwels gekies op grond van sterk akademiese en intellektuele vermoëns. In teenstelling hiermee word paraprofessionele persone gewoonlik gekeur op grond van hul vermoëns ten opsigte van empatie en sensitiwiteit en hulle hoë selfagting. Paraprofessionele opleidingsprogramme kies gewoonlik geestesgesonde persone vir opleiding. Volgens Brown (1974) is professionele opleidingsprogramme nie altyd voldoende bedag op hierdie kriteria nie.

Die tweede aspek wat Brown (1974) aanraak, is dié van opleiding. Professionele opleidingsprogramme is gewoonlik homogeen en hulle beklemtoon hoofsaaklik die vaardighede en kwaliteite wat nodig is om kliënte se gedrag te verander. Professionele programme behoort 'n kombinasie te wees van wetenskap, navorsing en praktiese opleiding. Professionele opleiding fokus dus op die professionele persoon se ontwikkeling en die aanleer van diagnostiese vaardighede. Paraprofessionele opleidingsprogramme gebruik die beperkte tyd tot hulle beskikking om persone in kommunikasie- en fasiliteringsvaardighede op te lei.

## 4.5 Slot

In hierdie hoofstuk is daar gepoog om 'n kort oorsig oor die evaluering van die doeltreffendheid van portuurhulpverleners en portuurhulpverleningsprogramme te gee. Die belangrikste punte van kritiek teen paraprofessionele opleiding is genoem. Sommige professionele persone is van mening dat portuurhulpverleningsprogramme 'n verlaging in standaarde, sowel as geregtelike implikasies mag teweeg bring. Indien die programme egter doeltreffend is, word

sommige van die punte van kritiek besweer. Ter illustrasie hiervan is die resultate van 'n aantal doeltreffendheidstudies wat in skole, universiteite en die gemeenskap uitgevoer is, genoem.

Brown (1974) verklaar laastens die doeltreffendheid van portuurhulpverleners deur te verwys na die verskille in opleiding en keuring tussen paraprofessionele en professionele persone.

In die volgende hoofstuk word die metodologie van die studie in detail bespreek.



150029 62

# Hoofstuk 5

# Metodologie

## 5.1 Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n volledige oorsig oor die belangrikste metodologiese aspekte van hierdie studie te gee. Die volgende punte word aangeraak: die samestelling van die ondersoekgroep, metodes van data-insameling en meetinstrument gebruik, evaluering van doeltreffendheid van portuurhulpverleners, insameling van gegewens, navorsingshipoteses en die statistiese metodes.

Die samestelling van die ondersoekgroep geniet eerstens aandag, met spesifieke verwysing na die ouderdom en grootte van die ondersoekgroep.

## 5.2 Die samestelling van die ondersoekgroep

Graad 11- en 12- leerlinge van 'n hoërskool in Bloemfontein is genooi om aan 'n portuurhulpverleningsprogram wat by die skool aangebied is, deel te neem. In noue samewerking met die skoolhoof en die voorligtingonderwyser is besluit dat, aangesien dit 'n nuwe program in die skool was, slegs graad 11- en 12- leerlinge gedurende die eerste jaar as portuurhulpverleners benut sou word. Daar het 37 vrywilligers aangemeld. Nadat die doel en omvang van die portuurhulpverleningsprogram aan die vrywilligers verduidelik is, het elkeen 'n

HSPV voltooi en daarna 'n 15-minuut lange onderhoud voor 'n keuringspaneel gehad. Hierdie paneel het bestaan uit die ondersoeker, 'n sielkundige en 'n psigometris. Inligting rakende persoonlike eienskappe van die kandidate is tydens die onderhoud verkry. Die onderhoud word in meer detail beskryf in paragraaf 5.3.2.

'n Groep van 19 uit die 37 vrywilligers is uiteindelik na aanleiding van die onderhoud gekies om aan die portuurhulpverleningsprogram deel te neem as portuurhulpverleners. Die 19 vrywilligers het bestaan uit 2 seuns en 17 dogters. Carr (1984) noem dat daar dikwels hoër getalle vroulike leerders in portuurhulpverleningprogramme is wat van vrywilligers gebruik maak.

## 5.3 Metodes van data-insameling

Drie metodes van data-insameling is gebruik, naamlik die HSPV, 'n 15-minuut lange onderhoud en die bepaling van doeltreffendheid aan die hand van 'n stel kriteria. Hierdie metodes word vervolgens volledig bespreek.

### 5.3.1 Die Hoërskool Persoonlikheidvraelys (HSPV)

Die HSPV is die eerste van die meetinstrumente wat bespreek word in hierdie studie. Die agtergrond, faktore, geldigheid en betroubaarheid word in die bespreking uitgelig.

5.3.1.1 Agtergrond

Die HSPV is na vele navorsing in die Verenigde State van Amerika ontwikkel deur Cattell (Owen & Taljaard, 1989). Die vraelys van Cattell is deur die Instituut vir Psigometriese Navorsing van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) aangepas om in Suid-Afrika gebruik te word. Die vraelys is ontwerp om op kinders in die hoërskool tussen die ouderdomme van 13 en 18 jaar afgeneem te word (RGN, 1974).

Die HSPV kan as 'n goeie persoonlikheidsvraelys beskou word, aangesien dit ontwerp is om die hooffaktore wat individuele verskille beskryf, te meet. Navorsing het die faktore waaruit die HSPV bestaan reeds as belangrik bewys (Owen & Taljaard, 1989). Die vraelys meet psigologiese trekke wat betekenisvol en waardevol is vir die beskrywing van persoonlikheid.

Die HSPV meet 14 primêre faktore wat elkeen 'n faktoriaal onafhanklike persoonlikheidsdimensie is (RGN, 1974). Elke faktor word op 'n bipolêre kontinuum voorgestel. Die ekstreme punte van die kontinuum word beskryf en 'n lae telling verteenwoordig die een ekstreme punt terwyl 'n hoë telling die ander ekstreme punt verteenwoordig. Een punt van die kontinuum dui nie 'n hoër of beter telling as die ander punt aan nie, maar dui bloot aan dat die leerling se persoonlikheidsfunksionering meer met daardie spesifieke punt van die kontinuum as met die teenoorstaande punt ooreenstem. 'n Volledige profiel, soos beskryf deur die veertien toetstellings, verskaf 'n basis vir die beskrywing van 'n kind se persoonlikheidsontwikkeling (RGN, 1974).

Die HSPV kan maklik toegepas word op 'n individuele of groepsbasis. Die vraelys het geen tydsbeperking nie en neem dikwels minder as veertig minute om te voltooi (RGN, 1974).

5.3.1.2 Faktore

'n Kort beskrywing word vervolgens van elkeen van die 14 primêre faktore, wat deur die vraelys gemeet word, gegee om die bespreking van die resultate in hoofstuk 6 te vergemaklik.

**Faktor A**

'n Persoon wat 'n hoë telling op faktor A behaal (hartlik) laai sy denke met affek en stel baie in mense belang, terwyl 'n persoon met 'n lae telling op die faktor (teruggetrokke) dinge bo mense verkies en graag alleen werk (RGN, 1974).

**Faktor B**

Alhoewel faktor B veronderstel is om 'n aanduiding te gee van iemand se intelligensie, behoort die telling wat verkry word in 'n toets wat ontwerp is om intelligensie te meet, waarskynlik 'n beter aanduiding van iemand se intelligensie te wees as hierdie skaal van die HSPV (RGN, 1974). Daar word nie in die literatuur verwys na intelligensie as voorspeller van óf keuring óf doeltreffendheid van portuurhulpverlening nie. Die een uitsondering waar intelligensie wel 'n rol mag speel in die doeltreffendheid van portuurhulpverleners, is wanneer portuurhulpverleners as tutors in 'n akademiese vak gebruik word (Carr, 1984). Die rol van tutors is egter nie die fokuspunt van hierdie studie nie. Om hierdie twee redes is Faktor B nie ingesluit as moontlike voorspeller van keuring of doeltreffendheid nie.

**Faktor C**

Owen en Taljaard (1989) beskryf die ekstreme punte van hierdie skaal as ego sterkte (emosioneel stabiel) teenoor ego swakheid (deur gevoelens beïnvloed). Hierdie skaal dui die mate aan waarin 'n persoon oor emosionele beheersing en stabiliteit beskik en frustrasie kan hanteer (RGN, 1974).

**Faktor D**

Die skaal dui die mate aan waarin 'n persoon prikkelbaar of impulsief is en sy gedagtes maklik dwaal (flegmaties vs prikkelbaar) (RGN, 1974).

**Faktor E**

Faktor E gee 'n aanduiding van dominansie. 'n Telling aan enige van die ekstreme punte (onderdanig vs dominant) is 'n aanduiding van swak aanpassing (RGN, 1974).

**Faktor F**

Hierdie skaal meet 'n komponent van ekstroversie. 'n Leerling met 'n lae telling op hierdie skaal (sober) is stil, introspektief en ernstig. In teenstelling hiermee is 'n leerling met 'n hoë telling op hierdie skaal (entoesiasties) sorgeloos, ekspressief en opgewek. (RGN, 1974).

**Faktor G**

'n Persoon se superegosterkte (pligsgetrou vs opportuun) en dus die mate waarin hy homself beskou as iemand wat aan die morele standaarde van die samelewing voldoen, word gemeet (RGN, 1974).

**Faktor H**

'n Leerling met 'n lae telling op hierdie skaal is besonder beskroomd (skaam), terwyl 'n leerling met 'n hoë telling op die skaal (waaghalsig) hou van sosiale kontak (RGN, 1974).

**Faktor I**

Iemand met 'n hoë telling op die skaal word dikwels as romanties, verbeeldingryk of kunssinnig beskryf (teerhartig). 'n Persoon met 'n lae telling is taai, prakties, realisties en duld nie onsin nie (ontoegeeflik) (RGN, 1974).

**Faktor J**

'n Hoë telling op hierdie faktor verteenwoordig persone wat verkies om aktiwiteite alleen te doen en dikwels van die groep verskil (individualisties), terwyl 'n lae telling mense verteenwoordig wat hou van groepsaktiwiteite en aandag (lewenslustig) (RGN, 1974).

**Faktor O**

'n Persoon wat 'n hoë telling op hierdie faktor behaal voel maklik angstig, terneergedruk of skuldig (bevrees), terwyl iemand met 'n lae telling min vrese ervaar (selfversekerd) (RGN, 1974).

**Faktor $Q_2$**

'n Persoon met 'n hoë telling op die skaal neem sy eie besluite (selfgenoegsaam), terwyl 'n persoon met 'n lae telling met die groep se besluite saamstem en hoë waarde heg aan sosiale goedkeuring (sosiaal groepafhanklik) (RGN, 1974).

**Faktor $Q_3$**

'n Hoë telling op die skaal dui op 'n leerling wat konsensieus, ambisieus en gedissiplineerd is (beheersd), terwyl 'n lae telling 'n ongedissiplineerde en lakse leerling aandui (onbeheersd) (RGN, 1974).

**Faktor $Q_4$**

Iemand met 'n hoë telling op hierdie skaal is irrasioneel, bekommerd, gespanne en gefrustreerd (gespanne), terwyl 'n lae telling op 'n ontspanne persoon dui (ontspanne) (RGN, 1974).

5.3.1.3 Geldigheid van die HSPV

Homogeniteit van ekwivalensie word gedefinieer as die korrelasie tussen die twee parallelle vorms van die toets. Die homogeniteitskoëffisiënt van die verskillende skale van die HSPV het tussen 0.40 en 0.71 gewissel vir 'n groep Engelse (N= 669) leerders. Die homogeniteitskoëffisiënt het daarteenoor tussen 0.36 en 0.66 gewissel vir 'n blanke groep Afrikaanssprekende leerders (N= 1484) (RGN, 1974).

Die geldigheidskoëffisiënt, gebaseer op die ekwivalensiekoëffisiënt, word in die handleiding gegee. Hierdie koëffisiënt berus op die aanname dat die faktor wat deur spesifieke vrae van die toets gemeet word, die enigste faktor is wat daardie vrae in gemeen het. Die koëffisiënte het tussen 0.63 en 0.84 gewissel vir 'n blanke Engelssprekende groep (N = 669), terwyl dit vir 'n blanke Afrikaanse groep (N = 1484) tussen 0.60 en 0.81 gewissel het (RGN, 1974).

As gevolg van die lae interkorrelasie tussen die faktore en die hoë ekwivalensie koëffisiënt vir die faktore word aanvaar dat die toets konstrukgeldigheid het (Owen & Taljaard, 1989).

5.3.1.4 Betroubaarheid van die HSPV

Betroubaarheid kan gedefinieer word as die mate waarin twee tellings van dieselfde toets ooreenstem ongeag wanneer die toets afgeneem word, watter weergawe van die toets gebruik word of wie die toets afneem. 'Betroubaarheid verwys dus na die

veralgemeenbaarheid van die verkreë tellings oor metingsgeleenthede, toetsvorms en toetstoepassers' (Huysamen, 1993, p. 124).

Hertoetsbetroubaarheid dui aan in watter mate dieselfde tellings deur dieselfde proefpersone behaal word in twee verskillende toepassings van die toets. Die hertoetsbetroubaarheid in die toetshandleiding is na een week bepaal en wissel vir 'n groep blanke dogters (N = 422) tussen 0.69 en 0.78 vir die verskillende skale van vorm A en tussen 0.6 en 0.83 vir die skale van vorm B (N = 492). Die hertoetsbetroubaarheid van vorm A het vir 'n groep blanke seuns (N = 438) tussen 0.61 en 0.75 gewissel, terwyl dit vir 'n groep seuns (N = 519) op vorm B tussen 0.57 en 0.78 vir die verskillende skale gewissel het (RGN, 1974).

Owen en Taljaard (1989) rapporteer dat hertoetsbetroubaarheid vir blanke leerders in die verskillende toetshandleidings tussen 0.43 en 0.96 wissel. Die hertoetsbetroubaarheid vir swart, kleurling en Indiër leerders was laer en het tussen 0.21 en 0.79 gewissel.

### 5.3.2 <u>Onderhoud</u>

Die onderhoud is deur drie persone gevoer waaronder 'n sielkundige, die persoon wat die portuurhulpverleningprogram sou aanbied en die psigometris wat die toetse afgeneem het. Die onderhoud was semi-gestruktureerd.

Uit vorige ervaring met keuring van kandidate vir 'n portuurhulpverleningprogram en die praktiese oorweging van beperkte tyd vir elke onderhoud, het die groep beoordelaars saam 'n lysie kriteria saamgestel om die onderhoud te vergemaklik. Die beoordelaars het elkeen so 'n lysie met kriteria gehad waarvoor punte toegeken is. Die lysie het uit agt items bestaan wat onafhanklik deur die drie beoordelaars voltooi is. Hierdie agt items was motivering vir deelname aan die studie,

leierseienskappe, probleemoplossingsvaardighede, interpersoonlike verhoudings, verhouding met ouers, afwesigheid van persoonlike probleme, empatie en vertroulikheid.

Die beoordelaars het die kandidate gedurende die onderhoud ondervra ten einde inligting oor bogenoemde agt kriteria te bekom. Daar is nie vooraf oor spesifieke vrae besluit nie en die beoordelaars was vry om enige vraag aan die kandidate te stel. Daar is byvoorbeeld vir die kandidate gevra om te verduidelik hoekom hulle aan die program wil deelneem en wat hulle onder empatie verstaan. Die beoordelaars het 'n telling op 'n 9-puntskaal, waar een 'n lae telling en nege 'n hoë telling verteenwoordig, vir elk van die kriteria toegeken.

Die punte van die drie beoordelaars is bymekaar getel en 'n gemiddelde punt is vir elk van die kandidate bepaal. Die 19 kandidate met die hoogste gemiddelde tellings is uit die groep gekeur om aan die portuurhulpverleningsprogram deel te neem. Daar is besluit dat 'n groep van 20 (19 kandidate plus die aanbieder van die program) die ideale grootte sou wees. Hierdie groep het bestaan uit sewentien meisies en 2 seuns.

## 5.4 Evaluering van doeltreffendheid

'n Onderwyseres verbonde aan die hoërskool, wat betrokke was by die organisering en koördinering van die portuurhulpverleningsprogram, is gevra om die doeltreffendheid van elkeen van die leerders as portuurhulpverleners te beoordeel. Dit is wenslik om meer as een beoordelaar van doeltreffendheid in 'n studie te betrek, aangesien twee of meer beoordelaars die betroubaarheid van die doeltreffendheidstelling verhoog. Dit was egter in hierdie studie, as gevolg van

praktiese oorwegings, nie moontlik om 'n tweede beoordelaar van doeltreffendheid te vind nie.

Die onderwyseres het aan die volgende aspekte aandag geskenk tydens die evaluering van doeltreffendheid: positiewe terugvoer van leerders wat gehelp is, sensitiwiteit vir ander se behoeftes, openheid oor hulself, doeltreffende persoonlike aanpassing, sosiale vaardighede, respek vir vertroulikheid en aantal leerders gehelp.

In samewerking met die skoolhoof en betrokke onderwyser, het dieselfde beoordelaars wat die keuring van die kandidate behartig het, die kriteria saamgestel wat gebruik is om die doeltreffendheid van die portuurhulpverleners te bepaal. Daar is twee oorwegings wat 'n rol gespeel het in die keuse van die kriteria vir die bepaling van doeltreffendheid. Die eerste is die skoolhoof beheerraad en onderwysers se behoefte om die omvang en impak van die program te bepaal. Die tweede oorweging is die gemak waarmee die onderwyser, wat die evaluasie van doeltreffendheid behartig het, die kriteria kan konseptualiseer en kwantifiseer. Om hierdie redes is die aantal leerders gehelp en die positiewe terugvoer van die leerders ook in die kriteria ingesluit.

Vir die eerste ses van hierdie kriteria is 'n punt uit 15 toegeken. Hierdie tellings word dus saamgetel om 'n telling uit 90 (6 X 15 = 90) te verkry. Die aantal leerders wat gehelp is, het slegs uit 10 punte getel. Die meeste leerders wat deur enige van die portuurhulpverleners gehelp was, was 5. Die punt vir hierdie kriteria is dus verky deur die aantal leerlinge wat die portuurhulpverlener gehelp het met twee te vermenigvuldig. Die tellings van die eerste ses kriteria en die telling van aantal leerders gehelp, is saamgetel om 'n punt uit 100 vir elke portuurhulpverleners te verkry. 'n Telling van 100 is aanduidend van 'n uitstekende portuurhulpverlener en 0 'n aanduiding van 'n baie swak portuurhulpverlener.

## 5.5 Insameling van data

Die skool het aan die begin van die jaar met 'n portuurhulpverleningsprogram begin en vrywilligers uit die graad 11- en 12-leerlinge is gevra om opgelei te word as portuurhulpverleners. Alle belangstellendes het op een middag die HSPV afgelê en onderhoude is oor 'n tydperk van drie dae daarna gevoer. Die leerders wat op grond van die onderhoude gekeur is, het daarna 'n opleidingsprogram van twee maande deurloop. Daarna het die leerders as portuurhulpverleners by die skool opgetree. Hulle het vir die res van die akademiese skooljaar een maal per week verdere opleiding en supervisiesessies bygewoon. Aan die einde van die jaar het die onderwyseres die doeltreffendheid van die portuurhulpverleners beoordeel.

## 5.6 Navorsingshipotese

Die navorsingshipotese is tweërlei van aard, naamlik:

iii) Persoonlikheidsfaktore, soos gemeet deur die Hoërskool Persoonlikheidsvraelys (HSPV), kan gebruik word om tussen gekeurde en ongekeurde portuurhulpverleners op hoërskool te onderskei.

iv) Die doeltreffendheid van gekeurde portuurhulpverleners op hoërskool kan met behulp van persoonlikheidsfaktore, soos gemeet deur die HSPV, voorspel word.

## 5.7 Statistiese metodes

Die eerste kriteriumveranderlike van die studie is keuring vir 'n portuurhulpverleningsprogram. Dié veranderlike is 'n binêre veranderlike aangesien die antwoord net 'n 'ja' of 'n 'nee' kan wees. In hierdie studie word die 14 faktore van die HSPV as voorspellers gebruik. Ten einde dit in die voorgestelde ontledings te gebruik, is die routellings wat met hierdie faktore verband hou benut.

Stapsgewyse meervoudige logistiese regressie kan gebruik word om 'n kriteriumveranderlike te voorspel indien die kriteriumveranderlike 'n binêre veranderlike is (Altman, 1991). Die kriteriumveranderlike is die aanwesigheid of afwesigheid van 'n toestand (in hierdie geval keuring); die waardes 1 en 0 is gegee om respektiewelik 'n 'ja' en 'nee' antwoord aan te dui. In hierdie geval dui die 'nee' (of 0) aan dat 'n leerling nie gekeur is nie, terwyl die 'ja' (of 1) aandui dat 'n leerling gekeur is. Die stapsgewyse meervoudige logistiese regressie dui dan die waarskynlikheid aan dat individue gekeur sal word indien hulle 'n sekere kombinasie van tellings op die voorspellerveranderlikes behaal (Altman, 1991, SAS Institute Inc., 1989).

Stapsgewyse meervoudige logistiese regressie is gebruik om die diskrimineerders van keuring uit die skale van die HSPV te identifiseer. Stapsgewyse regressie werk op die beginsel dat die veranderlike wat die grootste korrelasie met die kriteriumveranderlike toon eerste tot die model toegevoeg word. Die oorblywende veranderlike wat dan die meeste tot die beskrywing van die kriteriumveranderlike bydra, word volgende tot die model toegevoeg. Indien 'n veranderlike wat reeds in die model is, nie meer 'n beduidende bydrae tot die voorspelling van die kriteriumveranderlike maak nadat 'n ander veranderlike bygevoeg is nie, word daardie veranderlike weer uit die vergelyking gelaat. Hierdie proses word herhaal totdat geen veranderlike gevind kan word wat beduidend tot die voorspelling van die kriteriumveranderlike bydra nie (Milton & Arnold, 1990). Die beduidendheid

van die veranderlike word by elke stap deur 'n chi-kwadraattoets beoordeel (SAS Institute Inc., 1989). 'n Veranderlike se bydrae tot $R^2$ word in samehang met die veranderlikes wat reeds in die model is, beoordeel. Die onderlinge korrelasie tussen veranderlikes word dus ook in ag geneem en nie net die korrelasie van 'n veranderlike met die kriteriumveranderlike nie. Die finale regressievergelyking wat met stapsgewyse regressie verkry word, bevat dus slegs daardie veranderlikes wat 'n betekenisvolle bydrae tot die voorspelling van die kriteriumveranderlike maak (Altman, 1991; Milton & Arnold, 1990).

Die proporsie van die variansie in keuring wat deur die skale van die HSPV verklaar word, is bepaal. $R^2$, die meervoudige korrelasiekoëffisiënt, gee die persentasie van die variansie in die afhanklike veranderlike aan wat gesamentlik deur al die onafhanklike veranderlikes verklaar word (Milton & Arnold, 1990). Die skale van die HSPV wat die beste voorspellers van keuring is, is bepaal.

Beskrywende statistiek (gemiddelde en standaardafwyking) vir elkeen van die skale van die HSPV word ook vir albei groepe gegee.

Die tweede kriteriumveranderlike van die studie was die doeltreffendheid van die portuurhulpverleners. In hierdie geval is die kriteriumveranderlike op 'n kontinue skaal gemeet aangesien 'n punt tussen 0 en 100 aan die leerders toegeken is. Die voorspellerveranderlikes was die routellings behaal op die verskillende skale van die HSPV.

Stapsgewyse meervoudige regressie is gebruik om die beste voorspellers van doeltreffendheid uit die skale van die HSPV te identifiseer. Stapsgewyse meervoudige regressie werk op dieselfde beginsels as stapsgewyse meervoudige logistiese regressie wat reeds bespreek is. Die grootste verskil is dat die kriteriumveranderlike in eersgenoemde geval 'n kontinue veranderlike is, terwyl dit in laasgenoemde geval 'n binêre veranderlike is.

Die proporsie van die variansie in doeltreffendheid van portuurhulpverleners wat gesamentlik deur die skale van die HSPV verklaar word, is bepaal. Die skale van die HSPV wat die beste voorspellers van die doeltreffendheid van portuurhulpverleners is, is ook geïdentifiseer.

Die rekenaarpakket SAS (SAS Institute Inc, 1989) is gebruik om die statistiese verwerking te doen.

## 5.8 Slot

Die doel van hierdie hoofstuk was om 'n volledige oorsig oor die belangrikste metodologiese aspekte van hierdie studie te gee. Die samestelling van die ondersoekgroep is eerstens bespreek. Die groep het bestaan uit 37 vrywilligers in graad 11 en 12 waarvan 19 gekeur is om as portuurhulpverleners opgelei te word.

Die metode van data-insameling is vervolgens aangeraak. Die faktore van die HSPV, asook die toets se geldigheid en betroubaarheid is volledig bespreek. Die semi-gestruktureerde onderhoud is as tweede metode van data-insameling bespreek. Die kriteria wat die onderwyseres gebruik het in die evaluering van doeltreffendheid is genoem en die 9-puntskaal is kortliks verduidelik.

Die navorsingshipoteses is geformuleer en laastens is die rasionaal agter die keuse van die statistiese metodes verduidelik. Die resultate van die statistiese ontleding word in die volgende hoofstuk breedvoerig bespreek.

# Hoofstuk 6

## Resultate

### 6.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die resultate van die studie gegee en bespreek. Die gevolgtrekkings wat van hierdie resultate gemaak kan word, word in die volgende hoofstuk bespreek. Die beskrywende statistiek van die groepe word eerstens gegee en kortliks bespreek. Die toetsing van beide hipoteses volg met praktiese voorbeelde ter illustrasie van die regressievergelyking.

### 6.2 Beskrywende statistiek van die voorspellerveranderlikes

Voordat oorgegaan word tot die ondersoek van die hipoteses, word die beskrywende statistiek van die betrokke veranderlikes gegee en bespreek.

Die kontinue veranderlikes word deur die gemiddelde en standaardafwyking beskryf. Die beskrywende statistieke van die twee groepe (gekeurdes en ongekeurdes) word afsonderlik in Tabel 6.1 gegee en word dan kortliks na die tabel bespreek.

**Tabel 6.1: Beskrywende statistiek van gekeurde en ongekeurde portuurhulpverleners rakende 13 van die HSPV faktore.**

| Faktor | Ongekeur (n=18) | | Gekeur (n=19) | |
|---|---|---|---|---|
| | Gemiddelde | Standaardafwyking | Gemiddelde | Standaardafwyking |
| A | 12.1 | 3.5 | 12.6 | 2.9 |
| C | 10.0 | 3.0 | 13.0 | 3.1 |
| D | 8.4 | 3.4 | 7.1 | 2.9 |
| E | 9.1 | 2.9 | 6.9 | 2.8 |
| F | 10.6 | 3.2 | 9.3 | 2.3 |
| G | 12.4 | 2.7 | 14.5 | 3.9 |
| H | 9.6 | 2.9 | 12.3 | 3.9 |
| I | 14.2 | 4.2 | 13.9 | 1.5 |
| J | 9.4 | 2.8 | 8.3 | 2.8 |
| O | 11.9 | 2.7 | 9.2 | 3.2 |
| $Q_2$ | 9.5 | 3.9 | 8.3 | 3.4 |
| $Q_3$ | 12.7 | 2.5 | 13.5 | 3.4 |
| $Q_4$ | 9.9 | 2.6 | 8.1 | 3.1 |

Enkele tendense kan uit Tabel 6.1 opgemerk word. Wanneer die gemiddelde tellings van die gekeurde en ongekeurde groepe vergelyk word, blyk dit dat daar 'n relatief groot verskil in die gemiddelde tellings op faktore C, H en O is. Owen en Taljaard (1989) noem dat faktor C 'n aanduiding gee van ego sterkte teenoor ego swakheid. Hierdie faktor dui dus die mate aan waarin 'n persoon oor emosionele beheersing en stabiliteit beskik en frustrasie kan hanteer (RGN, 1974). Die gekeurde groep het 'n hoër gemiddelde telling as die ongekeurde groep op faktor C behaal. Dit dui aan dat die gekeurde proefpersone in vergelyking met die ongekeurde proefpersone oor groter emosionele beheersing beskik.

Die gekeurde groep het ook 'n hoër gemiddelde telling as die ongekeurde groep op faktor H behaal. 'n Leerling met 'n lae telling op hierdie faktor is besonder beskroomd, terwyl 'n leerling met 'n hoë telling op die faktor hou van sosiale kontak (RGN, 1974). Die gekeurde groep hou dus meer van sosiale kontak as die ongekeurde groep.

Laastens kan genoem word dat die groep wat gekeur is 'n laer gemiddelde telling op faktor O behaal het as die ongekeurde groep. 'n Persoon met 'n lae telling op hierdie faktor is meer selfversekerd as 'n persoon met 'n hoë telling wat maklik angstig, terneergedruk of skuldig voel (RGN, 1974). Die gekeurde groep kom dus, in vergelyking met die ongekeurde groep, meer selfversekerd voor.

Daar sal nou voortgegaan word om eerstens die voorspellers van keuring en tweedens dié van doeltreffendheid deur middel van regressie te bepaal.

## 6.3 <u>Regressie-analise</u>

Die twee hipoteses word vervolgens ondersoek. Eerstens word ondersoek of persoonlikheidsfaktore, soos gemeet deur die HSPV, gebruik kan word om tussen gekeurde en ongekeurde portuurhulpverleners op hoërskool te onderskei.

Die tweede hipotese, wat betrekking het op doeltreffendheid van portuurhulpverleners, word in paragraaf 6.3.2 volledig gestel en ondersoek.

### 6.3.1 Voorspelling van gekeurde portuurhulpverleners

Die korrelasiekoëffisiënte tussen die tellings van die voorspellers onderling asook die korrelasiekoëffisiënte tussen die tellings van die voorspellers en die kriteriumveranderlike word in Tabel 6.2 aangetoon.

Tabel 6.2: Pearson-produkmoment-korrelasiekoëffisiënte en punt-biseriaal koëffisiënte (n = 37)

| | A | C | D | E | F | G | H | I | J | O | $Q_2$ | $Q_3$ | $Q_4$ | GROEP |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | 1.00000<br>0.0 | 0.15794<br>0.3505 | -0.08732<br>0.6073 | -0.07918<br>0.6413 | 0.14819<br>0.3814 | 0.32133<br>0.0525 | 0.24035<br>0.1519 | 0.35527<br>0.0309* | 0.04389<br>0.7964 | -0.17715<br>0.2942 | 0.04725<br>0.7812 | -0.04220<br>0.8042 | -0.04602<br>0.7868 | 0.09199<br>0.5882 |
| C | | 1.00000<br>0.0 | -0.60030<br>0.0001** | -0.09238<br>0.5866 | -0.29726<br>0.0740 | 0.34391<br>0.0371 | 0.59935<br>0.0001** | -0.00959<br>0.9551 | -0.07232<br>0.6706 | -0.56286<br>0.0003** | -0.22297<br>0.1847 | 0.04906<br>0.7731 | -0.19732<br>0.2418 | 0.44979<br>0.0052** |
| D | | | 1.00000<br>0.0 | 0.24946<br>0.1365 | 0.18687<br>0.2681 | -0.11784<br>0.4873 | -0.50292<br>0.0015** | 0.00765<br>0.9641 | 0.02951<br>0.8624 | 0.51108<br>0.0012** | 0.21583<br>0.1995 | -0.03793<br>0.8236 | 0.38519<br>0.0186* | -0.21258<br>0.2065 |
| E | | | | 1.00000<br>0.0 | -0.02648<br>0.8764 | -0.17308<br>0.3056 | -0.21418<br>0.2031 | -0.12408<br>0.4644 | -0.10901<br>0.5207 | 0.15321<br>0.3653 | 0.06218<br>0.7146 | -0.05785<br>0.7338 | 0.47293<br>0.0031** | -0.36280<br>0.0273* |
| F | | | | | 1.00000<br>0.0 | -0.29644<br>0.0748 | -0.10262<br>0.5456 | 0.23872<br>0.1548 | -0.14827<br>0.3812 | 0.27341<br>0.1016 | -0.22155<br>0.1876 | -0.33569<br>0.0422* | 0.21176<br>0.2083 | -0.23291<br>0.1654 |
| G | | | | | | 1.00000<br>0.0 | 0.45116<br>0.0051** | -0.01908<br>0.9107 | 0.08203<br>0.6293 | -0.32328<br>0.0510 | -0.06075<br>0.7210 | 0.31196<br>0.0602 | -0.31155<br>0.0605 | 0.30524<br>0.0662 |
| H | | | | | | | 1.00000<br>0.0 | 0.10059<br>0.5536 | -0.17599<br>0.2974 | -0.42025<br>0.0096** | -0.05841<br>0.7313 | -0.04295<br>0.8007 | -0.31154<br>0.0605 | 0.38265<br>0.0194* |
| I | | | | | | | | 1.00000<br>0.0 | 0.36417<br>0.0267* | 0.06469<br>0.7037 | 0.04256<br>0.8025 | -0.06086<br>0.7205 | 0.12052<br>0.4774 | -0.04487<br>0.7920 |
| J | | | | | | | | | 1.00000<br>0.0 | 0.10670<br>0.5296 | 0.08951<br>0.5983 | 0.30603<br>0.0655 | 0.04589<br>0.7874 | -0.19325<br>0.2518 |
| O | | | | | | | | | | 1.00000<br>0.0 | 0.12525<br>0.4601 | -0.05456<br>0.7484 | 0.36087<br>0.0282* | -0.43503<br>0.0071** |
| $Q_2$ | | | | | | | | | | | 1.00000<br>0.0 | -0.35919<br>0.0290* | -0.10997<br>0.5170 | -0.17122<br>0.3109 |
| $Q_3$ | | | | | | | | | | | | 1.00000<br>0.0 | -0.07460<br>0.6608 | 0.14575<br>0.3894 |
| $Q_4$ | | | | | | | | | | | | | 1.00000<br>0.0 | -0.30363<br>0.0677 |
| GROEP | | | | | | | | | | | | | | 1.00000<br>0.0 |

** = $p \leq 1\%$

* = $p \leq 5\%$

Uit Tabel 6.2 kan gesien word dat faktore C en O met die kriteriumveranderlike korreleer op 'n beduidendheidspeil kleiner as 1%. Faktore E en H korreleer met die kriteriumveranderlike op 'n beduidendheidspeil kleiner as 5%. Faktor C het 'n hoë interkorrelasie met drie ander faktore naamlik faktor D (p = -0.60), faktor H (p = 0.60) en Faktor O (p = -0.56).

Die resultate van die stapsgewyse meervoudige logistiese regressie-ontleding word opgesom in Tabel 6.3. Al die veranderlikes in die regressie-analise is beduidend op ten minste die 15%-peil. Onder die tabel verskyn die voorspellingsregressievergelyking met die beduidende veranderlikes. Die veranderlikes word kortliks bespreek, waarna die gebruik van die voorspellingsregressievergelyking deur 'n praktiese voorbeeld geïllustreer word.

**Tabel 6.3: Resultate van die stapsgewyse meervoudige logistiese regressie-ontleding vir die voorspelling van gekeurde portuurhulpverleners.**

| Stap nommer | Faktor ingesluit | Model $R^2$ | Gedeeltelike $R^2$ | Waarskynlik heidsratio $\chi^2$ | p-waarde | Vryheids grade |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | C | 0.1995 | 0.1995 | 7.486 | 0.0062* | 1 |
| 2 | E | 0.3044 | 0.1049 | 11.337 | 0.0277** | 2 |
| 3 | D | 0.3564 | 0.0520 | 12.227 | 0.1078*** | 3 |
| 4 | J | 0.3958 | 0.0394 | 13.734 | 0.1303*** | 4 |
| 5 | F | 0.4370 | 0.0412 | 14.767 | 0.1260*** | 5 |

* = $p \leq 1\%$
** = $p \leq 5\%$
*** = $p \leq 15\%$

Die regressiegewigte van die vyf voorspellers is ook bereken. Die regressievergelyking wat gebruik kan word om te voorspel of 'n portuurhulpverlener gekeur behoort te word, is soos volg:

$$Y = \text{logit}(\rho) = 0.027 + 0.684(C) + 0.507(D) - 0.678(E) - 0.308(F) - 0.361(J)$$

Volgens die resultate van die regressie-analise, soos weergegee in Tabel 6.3, is die veranderlike wat die grootste hoeveelheid van die variansie in keuring van portuurhulpverleners verklaar, faktor C. Soos reeds genoem in paragraaf 5.3.1.2, dui hierdie faktor die mate aan waarin 'n persoon oor emosionele beheersing en stabiliteit beskik en frustrasie kan hanteer (RGN, 1974). Hoe hoër kandidate se tellings op hierdie faktor is, hoe groter is die kans dat hulle gekeur sal word. Hierdie faktor verklaar 19.95% van die variansie in keuring van portuurhulpverleners.

Die veranderlike wat tweede tot die regressievergelyking gevoeg is, is faktor E. Hierdie faktor meet dominansie (RGN, 1974). Hoe laer kandidate se tellings op faktor E is, hoe groter is die kans dat hulle gekeur sal word. Faktore C en E saam verklaar 30.44% van die variansie in keuring van portuurhulpverleners.

Faktor D, wat die mate aandui waarin 'n persoon prikkelbaar of impulsief is en sy gedagtes maklik dwaal, is die derde voorspellerveranderlike wat tot die regressievergelyking gevoeg is en verklaar 'n addisionele 5.2% van die variansie in keuring van portuurhulpverleners. Hoe hoër kandidate se tellings op faktor D is, hoe groter is die kans dat hulle gekeur sal word. Faktore C, E, en D verklaar gesamentlik 35.64% van die variansie in keuring van portuurhulpverleners.

Die volgende veranderlike om tot die vergelyking gevoeg te word, was faktor J. 'n Suksesvolle kandidaat het 'n lae telling, wat 'n aanduiding verleen dat die persoon hou van groepsaktiwiteite en aandag (RGN, 1974). Wanneer die faktor bygevoeg word tot die vergelyking, styg die verklaarde variansie tot 39.58%. Die toevoeging van faktor F, wat 'n komponent van ekstroversie meet, verklaar 'n verdere 4.12% van die variansie in keuring van portuurhulpverleners.

Nadat al die veranderlikes tot die regressievergelyking gevoeg is, is 43.70% van die variansie in keuring van portuurhulpverleners verklaar.

Die gebruik van die vergelyking in die praktyk word vervolgens geïllustreer deur twee voorbeelde:

Gestel kandidaat A het die volgende roupunte op die HSPV ten opsigte van die relevante faktore behaal:

C = 15; D = 10; E = 3; F = 8; J = 4;

$Y = 0.027 + 0.684(C) + 0.507(D) - 0.678(E) - 0.308(F) - 0.361(J)$

$Y = 0.027 + 0.684(15) + 0.507(10) - 0.678(3) - 0.308(8) - 0.361(4)$

$Y = 9.415$

$Y = \text{logit}(\rho) = \log(\rho/(1 - \rho))$ dus kan $\rho$ bepaal word deur die volgende vergelyking:

$\rho = e^{y} / (1 + e^{y})$

$\rho = e^{9.415} / (1 + e^{9.415})$

$\rho = 0.9999$

Vir die kandidaat wat 'n y-telling van 9.415 behaal, sal $\rho$ dus gelyk wees aan 0.9999. Die leerling het dus 'n waarskynlikheid van 99.99% om gekeur te word as portuurhulpverlener.

Gestel kandidaat B het die volgende roupunte op die HSPV ten opsigte van die relevante faktore behaal:

C = 6; D = 7; E = 14; F = 10; J = 5;

$Y = 0.027 + 0.684(C) + 0.507(D) - 0.678(E) - 0.308(F) - 0.361(J)$

$Y = 0.027 + 0.684(6) + 0.507(7) - 0.678(14) - 0.308(10) - 0.361(5)$

$Y = -6.697$

$\rho = e^y / (1 + e^y)$

$\rho = e^{-6.697} / (1 + e^{-6.697})$

$\rho = 0.0012$

Die kandidaat het dus 'n waarskynlikheid van 0.12% om gekeur te word as portuurhulpverlener.

### 6.3.2 Voorspelling van portuurhulpverlenerdoeltreffendheid

In die lig van die tweede navorsingshipotese moes bepaal word of die portuurhulpverlenerdoeltreffendheid van gekeurde portuurhulpverleners op hoërskool, met behulp van persoonlikheidsfaktore, soos gemeet deur die HSPV, voorspel kan word.

Slegs die 19 kandidate wat gekeur is, is gebruik in die ondersoek van hierdie hipotese. Gevolglik word die interkorrelasies van die faktore onderling en die korrelasies tussen die faktore en die kriteriumveranderlike weer verskaf.

Die Pearson-produkmoment-korrelasiekoëffisiënte van al die faktore van die HSPV met die doeltreffendheidsindeks word in Tabel 6.4 gegee.

**Tabel 6.4: Pearson-produkmoment-korrelasiekoëffisiënte vir doeltreffendheid. (n = 19)**

| | A | C | D | E | F | G | H | I | J | O | Q2 | Q3 | Q4 | *Groep* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| A | 1.0000<br>0.0 | 0.00613<br>0.9801 | 0.04372<br>0.8589 | 0.02161<br>0.9300 | -0.37315<br>0.1156 | 0.66727<br>0.0018** | 0.14643<br>0.5497 | -0.04209<br>0.8642 | -0.10590<br>0.6661 | -0.13624<br>0.5781 | 0.22105<br>0.3631 | 0.17146<br>0.4828 | -0.32492<br>0.1747 | 0.13836<br>0.5721 |
| C | | 1.00000<br>0.0 | -0.57272<br>0.0104* | 0.28584<br>0.2355 | -0.61535<br>0.0050** | 0.22840<br>0.3470 | 0.49750<br>0.0302* | -0.26368<br>0.2754 | -0.01287<br>0.9583 | -0.66787<br>0.0018** | -0.12773<br>0.6023 | -0.01072<br>0.9653 | -0.16970<br>0.4873 | 0.50944<br>0.0259* |
| D | | | 1.00000<br>0.0 | 0.00142<br>0.9954 | 0.51056<br>0.0255* | 0.03479<br>0.8876 | -0.67722<br>0.0014** | 0.34381<br>0.1495 | 0.02294<br>0.9257 | 0.55991<br>0.0127* | 0.00267<br>0.9914 | 0.02806<br>0.9092 | 0.35168<br>0.1398 | -0.30681<br>0.2014 |
| E | | | | 1.00000<br>0.0 | -0.22755<br>0.3488 | -0.07073<br>0.7735 | -0.08720<br>0.7226 | -0.27316<br>0.2578 | 0.11555<br>0.6376 | -0.16448<br>0.5010 | -0.14640<br>0.5498 | 0.09291<br>0.7052 | 0.51948<br>0.0226* | 0.16350<br>0.5036 |
| F | | | | | 1.00000<br>0.0 | -0.29663<br>0.2175 | -0.27727<br>0.2505 | 0.15169<br>0.5353 | -0.19138<br>0.4325 | 0.52000<br>0.0225* | -0.19217<br>0.4306 | -0.19777<br>0.4170 | 0.24142<br>0.3194 | -0.66251<br>0.0020** |
| G | | | | | | 1.00000<br>0.0 | 0.33954<br>0.1550 | 0.00450<br>0.9854 | 0.14356<br>0.5577 | -0.21902<br>0.3676 | -0.10698<br>0.6629 | 0.32392<br>0.1761 | -0.35680<br>0.1337 | 0.13691<br>0.5762 |
| H | | | | | | | 1.00000<br>0.0 | 0.10720<br>0.6622 | -0.07575<br>0.7579 | -0.45095<br>0.0526 | 0.00177<br>0.9943 | -0.02609<br>0.9156 | -0.46082<br>0.0471* | 0.27266<br>0.2587 |
| I | | | | | | | | 1.00000<br>0.0 | 0.18767<br>0.4417 | 0.29261<br>0.2241 | 0.32817<br>0.1702 | -0.12531<br>0.6092 | -0.30875<br>0.1984 | 0.13965<br>0.5685 |
| J | | | | | | | | | 1.00000<br>0.0 | 0.13768<br>0.5740 | 0.02573<br>0.9167 | 0.25703<br>0.2881 | -0.02324<br>0.9248 | 0.10393<br>0.6720 |
| O | | | | | | | | | | 1.00000<br>0.0 | -0.14352<br>0.5578 | 0.00219<br>0.9929 | 0.14585<br>0.5513 | -0.51778<br>0.0232* |
| Q2 | | | | | | | | | | | 1.00000<br>0.0 | -0.45407<br>0.0508 | -0.20397<br>0.4023 | -0.02775<br>0.9102 |
| Q3 | | | | | | | | | | | | 1.00000<br>0.0 | -0.00561<br>0.9818 | 0.47361<br>0.0405* |
| Q4 | | | | | | | | | | | | | 1.00000<br>0.0 | -0.03976<br>0.8716 |
| Groep | | | | | | | | | | | | | | 1.00000<br>0.0 |

** = p ≤ 1%　　* = p ≤ 5%

Vanuit Tabel 6.4 blyk dit dat vier van die HSPV-faktore op minstens die 5%-peil met die kriteriumveranderlike korreleer. Drie van hierdie faktore naamlik faktore C, O en $Q_3$ korreleer beduidend op die 5%-peil terwyl faktor F op die 1%-peil beduidend korreleer. Dit wil hieruit voorkom of faktor F moontlik die beste voorspeller van portuurhulpverlenerdoeltreffendheid gaan wees, aangesien dit die hoogste met die kriteriumveranderlike korreleer.

Die resultate van die stapsgewyse meervoudige regressie-ontleding word in Tabel 6.5 opgesom. Al die veranderlikes ingesluit in die regressie-analise was beduidend op die 10%-peil. Na die tabel word die voorspellingsvergelyking met al die beduidende veranderlikes bespreek en 'n voorbeeld word ter illustrasie gegee.

**Tabel 6.5: Resultate van die stapsgewyse meervoudige regressie vir die voorspelling van portuurhulpverlenerdoeltreffendheid.**

| Stap nommer | Faktor ingesluit | Model $R_2$ | Gedeeltelike $R^2$ | F | p-waarde |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | F | 0.4389 | 0.4389 | 13.2989 | 0.002 |
| 2 | $Q_3$ | 0.5611 | 0.1221 | 4.4522 | 0.0510 |
| 3 | I | 0.6387 | 0.0777 | 3.2250 | 0.0927 |
| 4 | O | 0.7516 | 0.1129 | 6.3626 | 0.0244 |
| 5 | $Q_4$ | 0.8236 | 0.0720 | 5.3021 | 0.0385 |

Die regressiegewigte van die vyf voorspellers is ook bereken. Die regressievergelyking wat dus gebruik kan word om te voorspel of 'n portuurhulpverlener doeltreffend behoort te wees, is soos volg:

$$Y' = 35.796 - 2.40(F) + 3.718(I) - 1.628(O) + 1.488(Q_3) + 1.098(Q_4)$$

Soos verwag, is die veranderlike wat volgens die stapsgewyse meervoudige regressie-analise die grootste hoeveelheid van die variansie in portuurhulpverlenerdoeltreffendheid verklaar, faktor F. Faktor F verskaf 'n aanduiding van ekstroversie. Hierdie faktor verklaar alleen reeds 43.89% van die variansie in portuurhulpverlenerdoeltreffendheid. Die veranderlike wat tweede tot die regressie-analise toegevoeg is, is faktor $Q_3$. 'n Hoë telling op die faktor dui op 'n leerling wat konsensieus, ambisieus en gedissiplineerd is, terwyl 'n lae telling 'n ongedissiplineerde en lakse persoon aandui (RGN, 1974). Die twee Faktore F en $Q_3$ verklaar gesamentlik 56.11% van die variansie in portuurhulpverlenerdoeltreffendheid.

Faktor I is derde tot die regressievergelyking gevoeg en verklaar 'n addisionele 7.8% van die variansie in portuurhulpverlenerdoeltreffendheid. Persone wat 'n hoë telling op hierdie faktor behaal, is taai, prakties, realisties en duld nie onsin nie (RGN, 1974). Die drie veranderlikes, faktore F, $Q_3$, en I verklaar gesamentlik 63.9% van die variansie in portuurhulpverlenerdoeltreffendheid. In die vierde stap is faktor O tot die vergelyking gevoeg. 'n Persoon met 'n lae telling op faktor O ervaar min vrese (RGN, 1974). Hierdie veranderlike verklaar 'n addisionele 11.3% van die variansie in portuurhulpverlenerdoeltreffendheid.

Die laaste veranderlike wat tot die vergelyking gevoeg is, is Faktor $Q_4$. Iemand met 'n hoë telling op hierdie skaal is irrasioneel, bekommerd, gespanne en gefrustreerd (RGN, 1974). Nadat al vyf die voorspellers (F, $Q_3$, I, O, en $Q_4$) tot die regressievergelyking gevoeg is, blyk dat uit die $R^2$-waarde dat hulle gesamentlik meer as 82% van die variansie in portuurhulpverlenerdoeltreffendheid verklaar.

Alhoewel faktor C op die 5%-peil beduidend met portuurhulpverlenerdoeltreffendheid korreleer, is dit nie in die regressie-analise geïdentifiseer as 'n beduidende voorspeller nie. Die rede hiervoor is dat faktor C 'n hoë interkorrelasie het met beide faktor F ($p = -0.6154$) en faktor O ($p = -0.6679$) wat albei reeds in die regressievergelyking voorkom. Faktor C

lewer dus nie 'n unieke bydrae tot die verklaring van addisionele variansie van portuurhulpverlenerdoeltreffendheid nie.

Die volgende voorbeeld word gegee om die gebruik van die voorspellingsvergelyking te illustreer:

Gestel kandidaat A het die volgende roupunte op die betrokke HSPV faktore behaal:

$F = 11$; $I = 12$; $O = 8$; $Q_3 = 6$; $Q_4 = 6$;

$Y' = 35.796 - 2.40(F) + 3.718(I) - 1.628(O) + 1.488(Q_3) + 1.098(Q_4)$

$Y' = 35.796 - 2.40(11) + 3.718(12) - 1.628(8) + 1.488(6) + 1.098(6)$

$Y' = 56.504$

Hierdie kandidaat behoort 'n gemiddelde mate van doeltreffendheid ten opsigte van portuurhulpverlening te toon (telling uit 100).

Gestel kandidaat B het die volgende roupunte op die HSPV vir die relevante faktore behaal:

$F = 8$; $I = 15$; $O = 5$; $Q_3 = 12$; $Q_4 = 12$;

$Y' = 35.796 - 2.40(F) + 3.718(I) - 1.628(O) + 1.488(Q_3) + 1.098(Q_4)$

$Y' = 35.796 - 2.40(8) + 3.718(15) - 1.628(5) + 1.488(12) + 1.098(12)$

$Y' = 95.258$

In vergelyking met kandidaat A behoort hierdie kandidaat meer doeltreffend as portuurhulpverlener te wees.

## 6.4 Slot

Die resultate is in hierdie hoofstuk weergegee en bespreek. Uit die beskrywende statistiek kan samevattend genoem word dat die gekeurde groep hoër gemiddelde tellings op faktore C en H, wat onderskeidelik op ego sterkte en goeie sosiale kontak dui, behaal het. Die gekeurde groep het 'n laer gemiddelde telling as die ongekeurde groep op faktor O behaal, wat daarop dui dat hulle 'n groter mate van selfversekerdheid ervaar.

Die stapsgewyse meervoudige logistiese regressie-analise wat aangewend is om te bepaal of die HSPV gebruik kan word om te onderskei tussen gekeurde en ongekeurde portuurhulpverleners het aangetoon dat faktore C, E, D, J, en F gesamentlik 43,7% van die variansie in die keuring van portuurhulpverleners verklaar. Die regressievergelyking is gegee en met 'n praktiese voorbeeld geïllustreer.

In 'n ondersoek na die tweede hipotese wat handel oor die voorspelling van die doeltreffendheid van portuurhulpverleners, is aangetoon dat faktore F, O, I, $Q_3$ en $Q_4$ gesamentlik 82.4 % van die variansie in portuurhulpverlenerdoeltreffendheid verklaar. Die regressievergelyking is bespreek en met 'n praktiese voorbeeld geïllustreer.

Die belangrikste gevolgtrekkings wat van hierdie resultate gemaak kan word, asook aanbevelings vir toekomstige navorsing, word in die volgende hoofstuk bespreek.

# Hoofstuk 7

# Samevatting en gevolgtrekkings

## 7.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk begin met 'n samevatting van die ondersoek, waarna die gevolgtrekkings waartoe daar in hierdie studie gekom is, weergegee word. Die gevolgtrekkings wat na aanleiding van die twee hipoteses gemaak kan word, word afsonderlik bespreek.

## 7.2 Samevatting

Weens die probleme ('n tekort aan handboeke, toename in dwelm- en seksuele misbruik en die swak matriekslaagsyfer) wat tans in die Suid-Afrikaanse onderwys ondervind word (Cape Times, 1998), het onderwysers relatief min tyd om aan leerders se emosionele behoeftes aandag te gee. Die leerders is dus grootliks op hulself aangewese vir die hantering van hul emosionele behoeftes.

Carr (1984) noem dat die meeste kinders tydens 'n krisis op maats as ondersteuningsbron staatmaak. Adolessente van alle sosio-ekonomiese klasse vind dit toenemend moeiliker om doeltreffend op geestelike, sosiale en akademiese gebied te funksioneer. Sekere probleemareas, wat vervolgens genoem word, lei tot hierdie swak funksionering: die stryd om die normale ontwikkelingstake van adolessensie te bemeester, die grootskaalse verbrokkeling van gesinstrukture, 'n dramatiese toename in dwelmmisbruik, hoë vlakke van geweld in Suid-Afrika, onvoldoende gesondheidsorg en die agteruitgang van

hospitaaldienste, werkloosheid onder alle bevolkingsgroepe, seksueel oordraagbare siektes en vele meer (Schondel, Boehm, Rose & Marlowe, 1995).

Kinders se neiging om by mekaar hulp te soek wanneer hulle met probleme gekonfronteer word, het tot die ontstaan van die beweging van portuurhulpverlening gelei. Portuurhulpverlening kan gedefinieer word as die verhouding waarin leerders hulp en ondersteuning aan ander persone van hul eie ouderdom, status en sosiale vlak bied (De Rosenroll, 1994). Portuurhulpverlening is volgens D'Andrea en Salovey (1983) ook 'n leersituasie waarin verskillende vaardighede aangeleer word en waar persoonlike groei en ontwikkeling plaasvind.

Portuurhulpverlening het verder ontwikkel deurdat opleidingsprogramme ontwerp is waardeur kinders, wat ander kon en wou help, as portuurhulpverleners opgelei kan word. Die vaardighede wat die leerders tydens opleiding aanleer, stel hulle in staat om hul maats, asook hulself beter te verstaan en te help (D'Andrea & Salovey, 1983).

Aanvanklik was daar, veral vanuit professionele geledere, ernstige bedenkinge oor die doeltreffendheid van portuurhulpverlening. Daar is gevrees dat relatief onervare kinders meer skade sou doen as wat hulle sou help (Brown, 1974). Voorstanders van portuurhulpverlening gee toe dat daar risiko's aan verbonde is. Dit is egter ook waar dat kinders geneig is om eerder met hul maats as met hulle ouers of professionele persone oor hulle probleme te praat (Carr, 1984). Portuurhulpverlening kom dus in elk geval onder kinders voor, selfs al word dit nie formeel of met die goedkeuring van die skool aangebied nie. Dit is derhalwe belangrik dat die geskikste kandidate vir die hulpverleningsproses gekeur en opgelei word (Delworth & Moore, 1974).

Daar is drie moontlike benaderings tot die keuring van portuurhulpverleners (Frenza, 1985). Die eerste benadering is dat kandidate beperkte opleiding ontvang, waarna hulle geëvalueer word. Na aanleiding van hierdie evaluering word dan besluit of die leerling met die hulpverlening kan voortgaan, of dit moet staak. 'n Tweede benadering is om van

selfseleksie of vrywillige deelname gebruik te maak. Die derde alternatief is om kinders op grond van persoonlike eienskappe en ander kriteria wat met doeltreffende portuurhulpverleners geassosieer word, te keur.

In hierdie ondersoek is laasgenoemde benadering gevolg om die volgende twee navorsingshipoteses te ondersoek:

i) Persoonlikheidsfaktore, soos gemeet deur die HSPV, kan gebruik word om tussen gekeurde en ongekeurde portuurhulpverleners op hoërskool te onderskei.

ii) Die doeltreffendheid van gekeurde portuurhulpverleners op hoërskool kan met behulp van persoonlikheidsfaktore, soos gemeet deur die HSPV, voorspel word.

Die ondersoek is uitgevoer deur graad 11- en 12- leerders in 'n hoërskool in Bloemfontein te nooi om aan 'n portuurhulpverleningsprogram deel te neem. Sewe en dertig vrywilligers het vir die program aangemeld waaruit 19 leerders gekeur is om as portuurhulpverleners opgelei te word. Die grootste persentasie van die gekeurdes (74%) was dogters.

Die HSPV is gebruik om inligting oor die proefpersone se persoonlikheidsfunksionering te bekom, terwyl 'n semi-gestruktureerde onderhoud gebruik is om te bepaal of 'n kandidaat gekeur moet word as portuurhulpverlener. Sekere kriteria, soos die aantal leerders wat gehelp is, positiewe terugvoer van leerders, sensitiwiteit vir ander se behoeftes, openheid oor hulself, doeltreffende persoonlike aanpassing, sosiale vaardighede en respek vir vertroulikheid is gebruik om die doeltreffendheid van die portuurhulpverleners te beoordeel. 'n Saamgestelde punt met 'n totaaltelling uit 100 is toegeken vir doeltreffendheid, met 100 aanduidend van 'n uitstekende, en 0 'n aanduiding van 'n baie swak hulpverlener.

Die vernaamste gevolgtrekkings wat uit hierdie studie gemaak kan word, word vervolgens bespreek.

## 7.3 Gevolgtrekkings van die studie

Die vernaamste gevolgtrekkings van hierdie studie word na aanleiding van die resultate van die ondersoek bespreek. Eerstens word keuring van portuurhulpverleners aangeraak en tweedens word portuurhulpverlenerdoeltreffendheid bespreek.

### 7.3.1 Keuring van portuurhulpverleners

Uit die resultate van die stapsgewyse meervoudige logistiese regressie-ontleding kan afgelei word dat gekeurde portuurhulpverleners van ander kandidate onderskei kan word op grond van hoofsaaklik twee van die HSPV faktore, naamlik faktor C en faktor O. Daar is dus bevind dat gekeurde portuurhulpverleners meer emosioneel stabiel is as die ongekeurde aansoekers en oor die vermoë beskik om frustrasie te hanteer (faktor C). Hierdie resultate word bevestig deur outeurs soos Giddan en Austin (1982) asook Caputo et al. (1997). Daar kan verder afgelei word dat gekeurde portuurhulpverleners selfversekerd is, in teenstelling met ongekeurde kandidate wat meer geneig is tot terneergedruktheid (faktor O). Hierdie resultate stem ooreen met die eienskappe wat deur Blain en Brusko (1985) genoem word.

Die groepe verskil ook ten opsigte van faktore E en H. Die ongekeurde groep is meer dominant en selfgeldend (faktor E), terwyl die gekeurdes 'n groter behoefte aan sosiale interaksie het (faktor H). Blain en Brusko (1985) het soortgelyke trekke in portuurhulpverleners geïdentifiseer.

Die resultate van die ondersoek dui daarop dat die HSPV 'n belangrike bydrae tot 'n keuringsmodel vir portuurhulpverleners kan maak. Faktore soos emosionele stabiliteit en 'n behoefte aan sosiale interaksie, sowel as die afwesigheid van ongesonde spanning en 'n dominante, voorskriftelike geaardheid, is baie belangrik vir suksesvolle portuurhulpverlening. Hierdie ondersoek het daarin geslaag om 'n redelike goeie

keuringsmodel vir portuurhulpverleners te skep en sodoende die keuringsproses te vergemaklik.

### 7.3.2 Doeltreffendheid van portuurhulpverleners

Vier faktore van die HSPV is geïdentifiseer wat in 'n regressievergelyking gebruik kan word om te voorspel hoe doeltreffend voornemende portuurhulpverleners sal wees.

Soos in die geval van keuring, is faktor C, wat dui op emosionele stabiliteit en die vermoë om frustrasie te hanteer, ook hier baie belangrik. Kinders wat nie oor hierdie eienskappe beskik nie, sal dit baie moeilik vind om doeltreffende portuurhulpverleners te wees.

'n Interessante bevinding was dat doeltreffende portuurhulpverleners neig om 'n laer punt op faktor F te behaal en dus introvert te wees. Diver-Stamnes (1991) bevestig hierdie bevinding. 'n Rede hiervoor is waarskynlik dat introverte kinders meer oor hul eie gevoelens dink, maar ook probleme binne hulself kan hanteer, eerder as om op die ondersteuning van 'n sosiale groep te reken. 'n Ander moontlike verklaring kan wees dat hierdie kinders stiller is en makliker luister na ander, eerder as ekstroverte wat geneig is om meer te praat. Kinders verkies 'n hulpgewer wat luister, eerder as iemand wat baie praat. Die introvert vervul hierdie behoefte.

Selfversekerdheid (faktor O) lewer ook 'n bydrae tot die voorspelling van portuurhulpverlening se doeltreffendheid. Aangesien portuurhulpverleners die gevoelens en behoeftes van ander moet help hanteer, is dit noodsaaklik dat eienskappe soos dié by hulle aanwesig is.

Dit wil voorkom of doeltreffende portuurhulpverleners konsensieus, ambisieus en gedissiplineerd is (faktor $Q_3$). Die rede hiervoor kan moontlik wees dat gedissiplineerde, konsensieuse mense dikwels doeltreffend is in 'n verskeidenheid van aktiwiteite en in

Dit is noodsaaklik dat kinders uit alle grade en klasse maklik toegang tot portuurhulpverleners moet verkry. Dit sou dus ideaal wees indien daar een of meer in elke klas kan wees. Hulle moet formeel opgelei en as portuurhulpverleners geïdentifiseer word.

Een probleem wat in hierdie studie ondervind is, is dat werklik geskikte kandidate hulle nie vir die keuring- en opleidingsprosesse aanmeld nie. Baie kinders worstel nog self met ontwikkelingstake en het dus nie die moed om as kandidate vir so 'n program na vore te tree nie. Een moontlikheid sou wees om kinders in laer grade deur 'n meer basiese opleidingsproses te stuur en hulle dan die volgende jaar die geleentheid te gee om met die werk en die opleiding voort te gaan. Sodoende sal hulle die geleentheid kry om werklike persoonlike groei en ontwikkeling te ondergaan.

Die ondersoek het ook verdere navorsingsmoontlikhede geïdentifiseer. Ervaring met hierdie ondersoek het die noodsaaklikheid van 'n langtermynstudie beklemtoon. Die invloed wat deelname aan 'n portuurhulpverleningsprogram byvoorbeeld op kinders se latere beroepskeuse mag uitoefen, kan 'n baie vrugbare en nuttige gebied vir verdere ondersoek wees.

Daar word aanbeveel dat 'n soortgelyke ondersoek met 'n groter steekproef gedoen word. In hierdie studie is daar van vrywillige kandidate gebruik gemaak. Alhoewel die gebruik van vrywilligers en klein steekproefgrootte soms die interpretasie en veralgemeenbaarheid van resultate bemoeilik, is 'n klein groepie vrywilligers juis verteenwoordigend van die leerders wat in die praktyk by portuurhulpverlening betrokke raak. Navorsing wat op vrywilligers gedoen word, is dalk in hierdie geval net so veralgemeenbaar as navorsing wat op 'n ewekansig geselekteerde groep gedoen is, aangesien die klein steekproef wel verteenwoordigend is.

hierdie geval is hulle doeltreffend in portuurhulpverlening. Verskeie outeurs, waaronder Caputo et al. (1997) asook Giddan en Austin (1982) bevestig hierdie bevindinge.

Samevattend blyk dit dat doeltreffende portuurhulpverleners emosioneel stabiel, selfversekerd, konsensieus en geneig tot introversie is. Hierdie ondersoek het daarin geslaag om 'n redelike goeie persoonsbeeld van die ideale portuurhulpverlener te skep.

## 7.4 Aanbevelings

Die emosionele nood wat kinders tans in talle Suid-Afrikaanse skole ervaar, maak dit noodsaaklik dat alle moontlike bronne wat hierdie nood kan verlig, ondersoek. Aangesien baie kinders, sonder dat hulle gekeur of opgelei is, reeds in die praktyk as portuurhulpverleners optree, is 'n hulpverleningsprogram soos wat hier ondersoek is, een moontlike oplossing tot die probleem. Verskeie outeurs stem hiermee saam (Nor et al. , 1996; Prince, 1995; Scott et al. , 1995). Portuurhulpverlening behoort dus by soveel skole as moontlik onder goeie supervisie toegepas te word.

Die ondersoek het egter ook die beperkinge en risiko's van hierdie benadering uitgewys. Daar word dus aanbeveel dat portuurhulpverleningsprogramme gestruktureer moet word om doeltreffende keuring en intensiewe opleiding in te sluit (Delworth & Moore, 1974). In dié verband het hierdie ondersoek gepoog om 'n keuringsmodel op grond van persoonlikheidseienskappe daar te stel, sowel as om die doeltreffendheid van die portuurhulpverleners te bepaal.

Dit mag selfs moontlik wees om alle leerders in 'n skool 'n keuringsproses te laat deurloop en dan die geskikste kandidate te keur. Dit kan help om meer beskeie leerders, wat moontlik nie genoeg van hul eie vermoëns as portuurhulpverleners bewus is nie, ook te betrek. Deelname aan die opleidingsprogram behoort altyd vrywillig te wees.

## 7.5 Slot

In hierdie verkennende ondersoek is die keuring en doeltreffendheid van portuurhulpverleners ondersoek. Die doel was om die waarde van die HSPV in die keuringsproses en doeltreffendheidsbepaling van portuurhulpverleners te ondersoek.

Daar is in hierdie studie bevind dat die HSPV wel onderskei tussen gekeurde en ongekeurde portuurhulpverleners, veral ten opsigte van faktore C, D, E, F, en J wat gesamentlik 43,7% van die variansie tussen die groepe verklaar. Die faktore van die HSPV kan ook gebruik word om die doeltreffendheid van portuurhulpverleners te voorspel, veral faktor F (introversie) wat alleen 43,9% van die variansie in doeltreffendheid verklaar. Indien faktore I, O, $Q_3$ en $Q_4$ by faktor F gevoeg word, word 82,4% van die variansie in portuurhulpverlenerdoeltreffendheid verklaar.

Die ondersoek het die belangrikheid van portuurhulpverlening, asook die rol wat dit kan speel in verligting van die emosionele druk waaronder baie kinders gebuk gaan, beklemtoon. Daar is aangetoon dat portuurhulpverlening 'n veld is wat braak lê en waarin daar nog baie werk gedoen kan word. Hierdie studie was 'n poging om 'n bydrae tot die veld van portuurhulpverlening te lewer.

# Bronnelys


Altman, D.G. (1991). *Practical statistics for medical research.* London: Chapman & Hall.

Blain, G. H. & Brusko, M. (1985). Starting a peer counseling program in high school. *Journal of School Health,* **55**(3), 116-118.

Blignaut, C. (1998, 6 Jan.). Teachers walk out over axing of temps. *Cape Argus,* 5.

Bonar, J. R. (1982). An academic advising service: Students helping students. In N.S. Giddan & M.J Austin (Eds), *Peercounseling and self-help groups on campus.* Springfield, U.S.A.: Charles C Thomas.

Brown, W. F. (1974). Effectiveness of paraprofesionals: The evidence. *Personnel and Guidance Journal,* **53**(4), 257-263.

Buchanan, E.T. (1982). Paraprofessionals and issues of legal liability. In N.S. Giddan & M.J Austin (Eds), *Peercounseling and self-help groups on campus.* Springfield: Charles C Thomas.

Cape Times. (1998, 17 April). Nats call for crisis' summit. *Cape Times,* 4.

Caputo, T., Weiler, W. & Green, L. (1997). *Peer helper initiatives for out-of-the mainstream youth: A report and compendium.* Ottawa: Health Canada.

Carr, R.A. (1984). Theory and practice of peer countselling. *Educational and Vocational Guidance,* **44**, 1-11.

Carr, R.A. (1998). Editorial. *Peer Counsellor Journal,* **14**(1), 1-2.

Christopher, J.S., Hansen, D.J. & MacMillan, V.M. (1991). Effectiveness of a peer-helper intervention to increase children's social interactions. *Behavior Modification*, **15**(1), 22-50.

D'Andrea, V.J. & Salovey, P. (1983). *Peercounseling skills and perspectives*. Palo Alto: Science and Behavior Books.

De Jager, M. (1995). *Trainer's manual for training-the-trainers program*. Port Elizabeth: Port Elizabeth Technikon.

De Jager, M. (1998). South Africa and Australia promote peer helping. *Peer Counsellor Journal*, **14**(1), 4-7.

De Rosenroll, D. A. (1994). Toward an operational definition of peer helping. *Peer Facilitator Quarterly*, **3**, 1-4.

Delworth, U. & Moore, M (1974). Helper plus trainer: Two-phase program for the counselor. *Personnel and Guidance Journal*, **52**(6), 428-433.

Delworth, U., Sherwood, G., & Casaburri, N. (1974). *Student paraprofessionals: A working model for higher education*. Washington, DC: American Personnel and Guidance Association.

Diver-Stamnes, A.C. (1991). Assessing the effectiveness of an inner-city high school peer counseling program. *Urban Education*, **26**(3), 269-284.

Farley, R.C. & Akridge, R.L. (1986). The feasibility of peer counseling as a rehabilitation resource. *International Journal of Rehabilitation Research*, **9**(1), 69-70.

Fors, S.W. & Jarvis, S. (1995). Evaluation of a peer-led drug abuse risk reduction project for runaway/homeless youths. *Journal of Drug Education*, **25**(4), 321-333.

Frenza, M. (1985). *Peer Counseling. Highlights: An ERIC/CAPS Fact Sheet.* University of Michigan, Ann Arbor, MI: ERIC/CAPS.

Giddan, N.S. & Austin, M.J. (1982). *Peer Counseling and self-help groups on campus.* Springfield: Charles C Thomas.

Gruver, G.G. (1971). College students as theraputic agents. *Psychological Bulletin*, **76**, 111-127.

Hobbs N. (1964). Mental health's third revolution. In N.S. Giddan & M.J Austin (Eds), *Peercounseling and self-help groups on campus.* Springfield: Charles C Thomas.

Huysamen, G.K. (1993). *Metodologie vir die sosiale en gedragswetenskappe.* Halfweghuis: Southern Boekuitgewers.

Lyons, W. (1983). Voorwoord. In V.J. D'Andrea & P. Salovey (Eds), *Peercounseling skills and perspectives.* Palo Alto: Science and Behavior Books.

Milton, J.S. & Arnold, J.C. (1990). *Introduction to probability and statistics* (2nd ed.). New york: McGraw-Hill.

Myrick, R. D., Highland, W. H. & Sabella, R. A. (1995). Peer helpers and perceived effectiveness. *Elementary School Guidance & Counseling*, **29**(4), 279-288.

Nor, L., Tait, D. & Winfield, C.L. (1996). Taking a stand against violence: Leadership and responsibility: One school's quest to create a safe harbor. *Schools in the middle*, **5**(4), 14-17.

Orford, J. (1992). *Community Psychology: Theory and practice.* Chichester: John Wiley & Sons.

Owen, K. & Taljaard, J.J. (1989). *Handbook for the use of Psychological and scholastic Tests of the IPER and the NIPR*. Pretoria: Human Sciences Research Council.

Peer Resources Network. (1990). *Peer helping: youth working together*. Victoria: Peer Resources Network.

Poisson, S.E. & Russel, J.H. (1990). Assesment of involvement in a peer orientation program. *Canadian Journal of Counselling*, **24**(3), 186-198.

Prince, F. (1995). The relative effectiveness of a peer-led and adult-led smoking intervention program. *Adolescence*, **30**(117), 187-194.

Raad vir Geesterwetenskaplike Navorsing (RGN). (1974). *Handleiding vir die JR-SR Hoërskool persoonlikheidsvraelys (HSPV)*. Pretoria: RGN.

Riessman, F. (1982). Foreword. In N.S. Giddan & M.J Austin (Eds), *Peercounseling and self-help groups on campus*. Springfield: Charles C Thomas.

Russel, J.H. & Skinkle, R.R. (1990). Evaluation of peer-adviser effectiveness. *Journal of Collage Student Development*, **31**(5), 388-349.

SAS Institute Inc. (1989). *SAS/STAT User's Guide (Ver. 6, 4th Ed.)*. Cary: SAS Institute Inc.

Schondel, C., Boehm, K., Rose, J. & Marlowe, A. (1995). Adolescent volunteers: An untaped resource in delivery of adolescent preventive health care. *Youth & Society*, **27**(2) 123-135.

Scott, J., Cully, M. & Weissberg, E. (1995). Helping the separation anxious school refuser. *Elementary School Guidance & Counselling*, **29**(4), 259-296.

Toseland, R.W., Rossiter, C.M. & Labrecque, M.S. (1989a). Effectiveness of three group intervention strategies to support family caregivers. *American Journal of Orthopsychiatry*, **59**(3), 420-429.

Toseland, R.W., Rossiter, C.M. & Labrecque, M.S. (1989b). Effectiveness of peer-led groups to support family caregivers. *The Gerontologist*, **29**(4), 465-471.

Toseland, R.W. & Smith, G.C. (1990). Effectiveness of individual counseling by professional and peer helpers for family caregivers of the elderly. *Psychology and Ageing*, **6**(2), 256-263.

Tyler, M.P. (1982). Organizing and leading women's self-help discussion groups. In N.S. Giddan & M.J. Austin (Eds), *Peer counseling and self-help groups on campus*. Springfield: Charles C Thomas.

Wassef, A., Mason, G., Collins, M.L., Van Haalen, J. & Ingham, D. (1998). Effectiveness of one-year participation in school-based volunteer-vacilitated peer support groups. *Adolescence*, **33**(129), 91-97.

# Opsomming

Die emosionele nood waaronder baie kinders gebuk gaan, noop hulle om by hul maats, eerder as by hul ouers of professionele persone hulp te soek.

Hierdie proses word portuurhulpverlening genoem, en verwys na die hulp wat persone by hul vriende van dieselfde ouderdom, sosiale status en agtergrond ontvang. Daar word tans pogings aangewend om hierdie proses, wat spontaan ontwikkel en informeel plaasvind, te struktureer, ten einde dit meer doeltreffend te maak. Dit word gedoen deur portuurhulpverleners op grond van bepaalde kriteria te selekteer en formeel op te lei.

Die doel van hierdie ondersoek was om te bepaal in watter mate die HSPV gebruik kan word om die doeltreffendheid van die keuringsproses, sowel as die doeltreffendheid van die gekeurde portuurhulpverleners te voorspel.

'n Groep vrywilligers van 'n plaaslike hoërskool, wat aan 'n keuringsproses en opleidingsprogram onderwerp is, is as proefpersone gebruik (n=19). Die resultate het getoon dat doeltreffende portuurhulpverleners emosioneel stabiel is, frustrasies kan hanteer, selfversekerd, ambisieus en gedissiplineerd is.

Daar word voorgestel dat ondersoek na portuurhulpverlening voortgesit word ten einde die hulp wat kinders van hul maats ontvang, te struktureer, meer doeltreffend te maak en aan soveel kinders as moontlik beskikbaar te stel.

# Summary

Many children experience emotional problems and seek help for these problems from their friends rather than from professional people or their parents.

This process, where people help their peers of the same age, social status and background, is called peer helping. The peer helping movement was developed in an attempt to structure this informal spontaneous process in order to make the process of peers helping their peers more effective. This was done by selecting peer helpers at the hand of certain criteria and training them formally in the process of helping others.

The purpose of this study was two-fold. The first objective was to determine whether the HSPQ could be used to select peer helpers and the second objective was to determine whether the HSPQ could be used to predict the effectiveness of selected peer helpers.

The study sample consisted if a group of volunteers (n = 19) from a local high school. These volunteers were subject to a selection process and were then trained as peer helpers. The results demonstrated that the HSPQ could be used to speed up the selection process and a regression equation to be used in the selection of peer helpers was developed. Effective peer helpers were shown to possess the following characteristics: they were emotionally stable, able to handle frustrations, self-assured, ambitious and disciplined, while not being overly self-assertive or depressed.

It is recommended that research into aspects of peer helping is continued in order to promote the knowledge about peer helping. In this way peer helping could be structured and made more effective and more available to children in need of emotional help.

# Key words

Effectiveness

High School Pupils

Peer helping

Peercounseling

Personality

Psychology

Selection

Training